 © NB-Uitgewers 2020

# 3. KLANKLEER/FONETIEK (bl. 8)

## OEFENING 1 (bl. 8)

1. Vokale
   Medeklinkers/konsonante
   Diftonge/tweeklanke

2.
   2.1 Vokale
   2.2 Medeklinkers
   2.3 Diftonge

3.
   3.1 D
   3.2 B
   3.3 F
   3.4 C
   3.5 E
   3.6 A

4. M**y** fr**aai** **rooi**br**ui**n k**oei** w**ei** en skr**eeu** **oi**.

5. Ontronding
   Oorronding
   Assimilasie
   Nasalering
   Letteruitspraak
   Vokaalreduksie
   Palatalisasie
   Klankweglating
   Vokaalverhoging

## OEFENING 2 (bl. 8 & 9)

1.
   1.1 roomys
   1.2 kielie
   1.3 skadu
   1.4 ontberings

2. Die twee klinkers word wel as een klank uitgespreek, maar word nie afsonderlik gehoor nie.

3. Die **-o** word as een klank uitgespreek, maar dit klink soos **-ooi** waarin jy die afsonderlike klanke kan hoor.

4.
   4.3 buffer

5.
- 5.1 Assimilasie
- 5.2 Vokaalreduksie
- 5.3 Ontronding
- 5.4 Vokaalreduksie
- 5.5 Vokaalreduksie
- 5.6 Assimilasie
- 5.7 Klankverspringing
- 5.8 Nasalering

## OEFENING 3 (bl. 9 & 10)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Assimilasie (**n**-klank in “Dalene”) | (1) [2] |
| 2. | Dit is die samestelling van twee klanke wat as een klank uitgespreek word. | (1) [1] |
| 3. | al die (“allie”) | (1) [1] |
| 4. | “oe” = vokaal met twee verskillende letters en “ou” = diftong | (1) [1] |
| 5. | Ontronding – opnuut (opniet) | (1) [3] |
| 6. | Ja, want die **-e** word as ’n [ə]-klank uitgespreek. | (1) [5] |
| 7. | G = frikatief | |
| | D = eksplosief | (1) [2] |
| 8. | donkieskop | (1) [3] |
| 9. | Ontronding | (1) [3] |
| 10. | baai | (1) [5] |
| | | [10] |

# 4. MORFOLOGIE/WOORDBOU (bl. 11–13)

## OEFENING 1 (bl. 11)

1. simpleks
2. afleiding
3. stam en stam
4. verbindingsklank
5. Samestellende afleiding
6. 
   6.1 datum
   6.2 sper
7. Klinkerwisseling

## OEFENING 2 (bl. 11 & 12)

1. 
   1.1 <u>bestaan</u>
   1.2 <u>ontstaan</u>
   1.3 <u>koejawel</u>
   1.4 breek
   1.5 onder, soek en komitee
   1.6 ruik
2. 
   2.1 Sonder iets te wees
   2.2 Nie/ontkenning
   2.3 Weer/herhaling
   2.4 Om te begin
3. 
   3.1 Meervoud
   3.2 Verkleining
   3.3 Trappe van vergelyking
   3.4 Verbuiging van die byvoeglike naamwoord
   3.5 Geslag
   3.6 Persoonsnaam
4. 
   4.1 meisieskool
   4.2 kinderklere
   4.3 dieretuin
   4.4 lewensduur
   4.5 koninkryk
5. 
   5.1 dwang
   5.2 sang
   5.3 band/bundel/bondel
   5.4 skoot
6. 
   6.1 kranksinnig
   6.2 dubbelsinnig
   6.3 hardnekkig

6.4 helderkleurig

## OEFENING 3 (bl. 12 & 13)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | gesond | (1) [1] |
| 2. | Verbuiging van die byvoeglike naamwoord | (1) [2] |
| 3. | Hartbewusmakingsmaand | (1) [2] |
| 4. | begin | (1) [3] |
| 5. | gesondheid; dermgesondheid | (2) [4, 6] |
| 6. | Ja, die woord kan nie morfologies ontleed word nie. | (1) [5] |
| 7. | goedkeuring | (1) [2] |
| 8. | goedkeuring | (1) [2] |
| 9. | Bestaan uit twee stamme en ’n postmorfeem. | (1) [5] |
| 10. | versadigde | (1) [1] |
| 11. | Meervoudsvorm | (1) [3] |

[12]

 © NB-Uitgewers 2020

# 5. SPELLING (bl. 14–17)

## OEFENING 1 (bl. 14)

1. Standaardafrikaans, bv. *bo* en nie *boe* nie
   Grondbeginsel van tradisie, bv. *vee* en *fee*; *wei* en *wy*
   Grondbeginsel van gelykvormigheid, bv. *hand* en *kant*
2. Afkappingsteken
3. Eienaam wat eindig op ’n **-s** of **-e** en nie uitgespreek word nie.
4. Meervoud en verkleining van afkortings
   Weglating van klanke
5. Lang klank in ’n oop lettergreep.
   Lang klank in geslote lettergreep wat op een konsonant/medeklinker eindig.
6. Dui ’n nuwe lettergreep aan.
7.
   7.1 Opeenhoping van vokale.
   7.2 Koppeling van letters en selfstandige naamwoorde.
   7.3 Verbinding met **-hulle**.
   7.4 Samestelling van twee range.
   7.5 Byvoeglike naamwoord en eienaam gekoppel.
   7.6 Woordherhaling
   7.7 Koppeling met **-en**.
   7.8 Weglating van ’n woord.
8. appèl
   nè
   dè
   hè

## OEFENING 2 (bl. 14 & 15)

1. honde – wanneer meervoud gebruik word, hoor jy duidelik die **-d**.
   kante – wanneer meervoud gebruik word, hoor jy duidelik die **-t**.
2.
   2.1 skadu’s
   2.2 Marais’s
   2.3 impi’s
   2.4 3’e
3.
   3.1 sôe
   3.2 aikôna
   3.3 skêr
   3.4 kombers
4.
   4.1 vermoë
   4.2 beïnvloed
   4.3 prieel
   4.4 moeë
5.
   5.1 bo-ent
   5.2 mans- en vrouspelers

| | |
|---|---|
| 5.3 | Noord-Kaap |
| 5.4 | hen-en-kuikens |
| 5.5 | 100 m-wedloop |
| 5.6 | x-strale |

## OEFENING 3 (bl. 15 & 16)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Lang klank in ’n oop lettergreep. | (1) [3] |
| 1.2 | landbou-ekonoom | (1) [4] |
| 1.3 | Meervoud van selfstandige naamwoord wat op ’n **-i**, **-o** en **-u** eindig kry ’n ’**-s**. | (1) [6] |
| 1.4 | lê | (1) [4] |
| | Lang **-e** in ’n oop lettergreep kry ’n kappie. | (1) [6] |
| 1.5 | Bo-Kaap | |
| | Bywoord gekoppel met eienaam en syfers gekoppel met selfstandige naamwoord. | (1) [2] |
| 1.6 | video’s | (1) [1] |
| 1.7 | Du Plesiss’s | (1) [1] |
| | Eienaam wat eindig op **-e** of **-s** wat nie in die enkelvoud uitgespreek word nie kry ’n afkappingsteken. | (1) [1] |
| 1.8 | beïnvloed | (1) [2] |
| 1.9 | Weglating van klanke | (1) [2] |
| 1.10 | huis – tradisie | (2) [4, 2] |
| 1.11 | nè | (1) [2] |
| 1.12 | appèl | (1) [4] |
| 1.13 | hy’t | (1) [6] |
| 1.14 | stil-stil | (1) [5] |
| 1.15 | Die woord “kombers” word nie met ’n kappie geskryf nie, want ’n lang klank **-e** wat twee konsonante het, kry nie ’n kappie nie. | (1) [4] |
| 1.16 | vermoë | (1) [1] |

[19]

# 6. WOORDSOORTE: SELFSTANDIGE EN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE (bl. 17–20)

## OEFENING 1 (bl. 17 & 18)

1. Lidwoord
2. Eienaam
3. Moet dit kan sien en voel en dit het meervoud en verkleining (en geslag).
4. Dit kan nie getel word nie, bv. sand.
5. Dui hoeveelheid aan en word gevolg deur ’n stofnaam/massanaam.
6. Abstrakte selfstandige naamwoord
   Versamelnaam
7. Byvoeglike naamwoord
8. attributief
9. Stellende trap
   Vergrotende trap – **-er**/**meer**
   Oortreffende trap – **-ste**/**mees**
10. Woorde wat op ’n **-e** eindig en uit meer as twee lettergrepe bestaan, kry **meer**/**mees**.
11. Smoorkwaad – woord word as een geskryf/vasgeskryf.
12. Dit is ’n <u>bitter</u> pil wat ek elke oggend moet drink. (Letterlik)
    Die verloor teen daardie span was vir ons sterk span ’n <u>bitter</u> pil. (Figuurlik)
13. Daar word ’n **-e** agter die byvoeglike naamwoord gesit om iets te beklemtoon, bv. Die mooi<u>e</u> vrou laat almal na haar staar.

## OEFENING 2 (bl. 18 & 19)

1.
   - 1.1 oupas
   - 1.2 hawens
   - 1.3 riwwe
   - 1.4 priële
   - 1.5 aanbiedinge
   - 1.6 fisici/fisikusse

2.
   - 2.1 glasie
   - 2.2 plasie
   - 2.3 paadjie
   - 2.4 ringetjie
   - 2.5 openinkie
   - 2.6 koppietjie
3. Gasse is enige stowwe in lugvormige toestand, bv. suurstof, koolsuurstof. Gaste is genooide besoekers.
   Leerder se eie sinne, bv.:
   - Die *gasse* van die fabrieke besoedel die lug.
   - Die *gaste* het die ete baie geniet.
4. Leerder se eie sinne, bv.:
   Die glas moet gewas word. (s.nw.)
   Die glas water het omgeval. (maatnaam)

5.

- 5.1 ’n kolonie pikkewyne
- 5.2 ’n vlug wildeganse
- 5.3 ’n werpsel hondjies
- 5.4 ’n kolonie miere
- 5.5 ’n stellasie sterre
- 5.6 ’n groep toneelspelers
- 5.7 ’n baksel beskuit
- 5.8 ’n bundel gedigte

6.

- 6.1 boser, boosste
- 6.2 skoon, skoner
- 6.3 goed, beste
- 6.4 jonk, jonger
- 6.5 sluwer, sluste
- 6.6 meer verlate, mees verlate

7.

- 7.1 bloedjonk
- 7.2 glashelder/klokhelder (stem)
- 7.3 plankdun
- 7.4 veerlig
- 7.5 pylreguit
- 7.6 neutvars

8. Leerder se eie sinne, bv.:
Die *moelike* wiskundesom laat my sukkel.
Die wiskundesom is *moeilik*.

9. Leerder se eie sinne, bv.:
Die wêreld is *droog*, want dit reën nie. (Letterlik)
Sy humorsin is *droog*. (Figuurlik)

## OEFENING 3 (bl. 19 & 20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | uitbundige | (1) [1] |
| 1.2 | uitbundigste | (1) [1] |
| 1.3 | kindertjies | (1) [1] |
| 1.4 | Selfstandige naamwoord/soortnaam | (1) [4] |
| 1.5 | ’n span spelers | (1) [6] |
| 1.6 | Abstrakte selfstandige naamwoord | (1) [3] |
| 1.7 | broodnodig | (1) [1] |
| 1.8 | Maatnaam | (1) [3] |
| 1.9 | Die klas is stil. (Letterlik) | (1) [6] |
| | Die stil rivier kabbel rustig voort. (Figuurlik) | (1) [6] |

[10]

# 7. WOORDSOORTE: WERKWOORDE, INFINITIEF EN DEELWOORDE (bl. 21–23)

## OEFENING 1 (bl. 21)

1. Selfstandige werkwoord
   Hulpwerkwoord
   Koppelwerkwoord
2. Oorganklik – werkwoord word gevolg deur ’n voorwerp.
   Onoorganklik – geen voorwerp volg die werkwoord.
3. Die skip gaan onder die water. (Skeibaar)
   Ek ondergaan ’n verandering in voorkoms. (Onskeibaar)
4. Die voorwerp en onderwerp is dieselfde persoon.
5. onpersoonlike
6. **be-**, **ge-**, **her-**, **ver-**, **ont-**, **on-**
7. sal
   het
8. vorm
9. Dit druk ’n moontlikheid uit.
10. *is*/*was*/*lyk*/*blyk*/*skyn*/*heet*/*klink*/*raak*
    Koppeling met byvoeglike naamwoord, selfstandige naamwoord en voornaamwoord.
11. Deur die woorde *om te* + *werkwoord* in die sin te sien.
12. **-de**, **-ende**, **-te**
13. Swak verlede deelwoord – stamvokaal verander nie, bv. *gebreekte* takke.
    Sterk verlede deelwoord – stamvokaal verander, bv. *gebroke* hart.

## OEFENING 2 (bl. 22)

1.
   1.1 analiseer
   1.2 finansier
   1.3 fouteer
2. finansier
3. Onoorganklik
4. Hulpwerkwoord van tyd
5.
   5.1 ontvangde
   5.2 gewonne
   5.3 lopende
6. *Ontvangde* en *lopende* is teenwoordige deelwoorde.
   *Gewonne* is ’n verlede deelwoord.
7. gewonne
8. Leerder se eie sin, bv. Ons *laai* die goedere *oor* op die trok.
9. Leerder se eie sin, bv. Ek *was* my in die bad.
10.
    10.2 Ek is ’n hokkiespeler.

## OEFENING 3 (bl. 22 & 23)

1. ’n Mens kan die woorde omruil en skryf as vasgevang of die twee dele skei. (1) [5]
2. gedramatiseerde (1) [6]
3. Beide is selfstandige/oorganklike werkwoorde. (1) [2]
4. oorganklik (1) [3]
5. Koppelwerkwoord (1) [3]
6. Om te ervaar (1) [2]
7. Ek het gevlug van my broer. (1) [6]
8. het/sal (1) [2]
9. Leerder se eie sin, bv. Die stuk hout dryf rond. (1) [6]
10. Leerder se eie sin, bv. Ek is ’n gedrewe matriekkandidaat. (1) [6]

[10]

 © NB-Uitgewers 2020

# 8. WOORDSOORTE: BYWOORDE EN VOORNAAMWOORDE (bl. 24–26)

## OEFENING 1 (bl. 24)

1. Bywoord van tyd
2. Waar + werkwoord?
   Waarheen + werkwoord?
3. Dui gevoelens aan, bv. *miskien*/*dalk*/*seker*/*niks*.
4. Tyd, manier, plek.
5. Persoonlike voornaamwoord
6. aanwysende
7. *Dit* en *daar*
8. besitting, besitlike
9. Dit staan aan die begin van ’n vraagsin.
10. wederkerig
11. ’n Aanwysende voornaamwoord verwys na ’n spesifieke ding terwyl ’n onbepaalde voornaamwoord nie na ’n spesifieke ding verwys nie.

## OEFENING 2 (bl. 24 & 25)

1.
   1.1 paniekerig
   1.2 met sonsopkoms
   1.3 noodgedwonge
2.
   2.1 Bywoord van wyse/manier
   2.2 Bywoord van tyd
   2.3 Bywoord van wyse/rede
3. Leerder se eie modale bywoorde soos vraag vereis, bv.
   3.1 Hy sal <u>nie</u> die geld betaal <u>nie</u>.
   3.2 Hy sal <u>beslis</u> die geld betaal.
   3.3 Hy sal <u>dalk/moontlik</u> die geld betaal.
4. <u>Hierdie</u> *(aanwysende v.nw.)* skêr <u>wat</u> *(betreklike v.nw.)* jy nou gebruik, is <u>myne</u> *(besitlike vnw.)*.
5. Leerder se eie sin, bv. Ek bekommer **my** oor my hond.
6. Leerder se eie sin, bv. <u>Jy</u> *(persoonlike v.nw.)* kan gewoonlik <u>niemand</u> *(onbepaalde v.nw.)* kry wanneer jy hulp nodig het nie.

## OEFENING 3 (bl. 25 & 26)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Manier/Wyse | (1) [1] |
| 2. | jou | (1) [2] |
| 3. | Verwys na iets spesifiek. | (1) [3] |
| 4. | Bywoord | (1) [3] |
| 5. | Nee, beide is onbepaald/verwys nie na iets/iemand spesifiek nie. | (1) [5] |
| 6. | Dit druk moontlikheid/waarskynlikheid uit. | (1) [5] |
| 7. | Bywoord van plek | (1) [2] |
| 8. | Dit verwys nie na ’n spesifieke persoon nie. | (1) [6] |
| 9. | waarop | (1) [4] |
| 10. | Ja, die handeling beweeg tussen twee persone. | (1) [5] |
| | | [10] |

# 9. WOORDSOORTE: LIDWOORDE, TELWOORDE, TUSSENWERPSELS, VOEGWOORDE EN VOORSETSELS (bl. 27–29)

## OEFENING 1 (bl. 27)

1. Bepaalde lidwoord – *die*
   Onbepaalde lidwoord – *'n*
2. 'n Hooftelwoord dui 'n presiese getal aan.
   'n Rangtelwoord dui posisie/hoeveelste aan.
3. Bepaalde hooftelwoord – *een*
   Onbepaalde hooftelwoord – *min*
4. in die vergrotende trap/onbepaald
5. emosie, uitroepteken
6. verbind
7. Onderskikkende, verander
8. Neweskikkende, verander nie

## OEFENING 2 (bl. 27 & 28)

1. *Dié* – bepaalde voornaamwoord
   *Die* – bepaalde lidwoord
2.
   2.1 Hooftelwoord
   2.2 Rangtelwoord
   2.3 Hooftelwoord
   2.4 Rangtelwoord
3.
   3.1 Bepaalde
   3.2 Onbepaalde
   3.3 Onbepaalde
   3.4 Bepaalde
4. Leerder se eie sin, bv. Siestog, ek is so jammer om van jou verlies te verneem.
5.
   5.1 tussen
   5.2 op, na
   5.3 Van
   5.4 Volgens
   5.5 by
6.
   6.1 Dit reën; tog is dit nie koud nie.
   6.2 Sy eet, want sy is honger.
   6.3 Sy is gewild omdat sy altyd vriendelik is.
7. *want* – neweskikkende voegwoord
   *omdat* – onderskikkende voegwoord

 © NB-Uitgewers 2020

## OEFENING 3 (bl. 28 & 29)

1.
    1.1 van (1) [1]
    1.2 aan (1) [1]
2. Dit dui ’n presiese ouderdom aan. (1) [5]
3. onbepaalde hooftelwoord, bywoord van graad (2) [1]
4. uit (1) [1]
5. Ek het aanvanklik gedink ek stoei met ’n haai, <u>want</u> ek het kort voor dié vis ’n 20 kg-haai uitgetrek, <u>maar</u> toe die tweede brander breek, sien ek dié is ’n ander meneer. (2) [6]
6. tweede (1) [4]
7. op (1) [1]
8. twee – bepaalde hooftelwoord
   grootste – onbepaalde rangtelwoord (2) [5]
9. Mapstieks (1) [4]

[13]

# 10. HOE BENADER EK VRAESTEL 1? (bl. 30–40)

## AFDELING A (bl. 30)

### VRAAG 1

**Nasienriglyne**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Hy moet probeer agterkom hoe die ekonomie en die natuur bymekaar kan baat. ✓ | 1 | 2 |
| 1.2 | Indien die maatskappy ’n werkbare oplossing kan kry hoe die natuur en ekonomie bymekaar kan baatvind, sal daar meer beleggings gemaak word. ✓ | 1 | 3 |
| 1.3 | verwoes/onweerlegbaar ✓ | 1 | 2 |
| | Enige EEN van die volgende antwoorde: Die uitbreiding van markte het ’n nadelige invloed op die natuur. / Veroorsaak dat geraasvlakke in stede opstoot. / Verwoes die skoonheid van die platteland/vervuil die lug. / Besoedel die water. ✓ | 1 | 1 |
| | Die bevolkingsgroei stop nie; dus moet daar meer vervaardig en geproduseer word. ✓ | 1 | 2 |
| 1.4 | Dit is geregverdig, want rokers en motoriste besoedel ook die omgewing; al is dit op kleiner skaal. ✓ | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | Enige EEN van die volgende moontlike nadele: Die geraasvlakke in stede wat opgestoot word. / Die skoonheid van die platteland wat verwoes word. / Die lug wat vervui word. / Die water wat besoedel word. ✓ | 1 | 5 |
| | Die motivering moet pas by die keuse wat die kandidaat maak. ✓ | 1 | 5 |
| 1.6 | Die regering bestee tans nie geld aan besoedeling nie ✓ en werk net aan korttermynoplossings ✓. | 2 | 2 |
| 1.7 | "goeie" ✓ | 1 | 2 |
| | "ondanks" ✓ | 1<br>[2] | 2 |
| 1.8 | Die regering is indirek verantwoordelik vir grondbewaring. ✓ | 1 | 3 |
| | EN | | |
| | Hulle geen nie aandag aan grondbewaring nie, want dit gaan ekstra belasting van hul kiesers vra en dan werf hulle dalk nie dié stemme nie. ✓ | 1 | 3 |
| | EN | | |
| | Dit is nie regverdigbaar nie, want hulle dink nou net aan hul eie gewin. ✓ | 1 | 4 |
| | OF | | |
| | Dit is regverdigbaar, want hulle benodig die stemme om aan bewind te kom; hulle kan eers daarna daaraan aandag gee. ✓ | [3] | |
| 1.9 | Dit help nie daar is wette gemaak en daar is nie mense wat kyk dat dit wel toegepas word nie. ✓ | 1 | 5 |
| 1.10 | Dit is voordelig in die sin dat die omgewing skoner is ✓, maar dis nadelig want nou is die produk duurder ✓. | 2 | 2 |
| 1.11 | Indien die ekonomiese groei beheer word, word die eise op die natuur ook beheer. ✓ | 1 | 3 |
| 1.12 | Ja, daar word gehoor gegee aan die riglyne, bv. die antirookwet/die verbod op 4x4's op strande/die vermindering van plastieksakke. ✓<br>*Enige EEN motivering in hierdie trant.* | 1 | 2 |
| | Dit is nie volhoubaar nie, want nie almal pas dit toe nie en daar is nie wetstoepassers wat hierna omsien nie. ✓ | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | In beide paragrawe gaan dit oor hoe die mens en die natuur mekaar tot hulp kan wees. ✓ | 1 | 3 |
| | OF | | |
| | Beide handel oor die kliënt wat geraak word. / In paragraaf 7 word die kliënt nadelig geraak en in paragraaf 13 word die kliënt bevoordeel. ✓ | | |
| | Die deel van die winste kan as onregverdig gesien word, want die bestaansgemeenskappe speel nie 'n rol om dit te genereer nie./Weiding vir vee kan as onregverdig gesien word, want wat dra hulle by tot die reservaat. ✓ | 1 | 5 |
| | EN | | |
| | Dit is geregverdig, want die bestaansgemeenskappe trek basies al die voordeel uit die verhouding. ✓ | 1 | 2 |
| | OF | | |
| | Dit is nie geregverdig nie, want hulle versamel darem al die dooie hout en gras/help die oortollige wild verwyder. ✓ | [2] | |
| 1.14 | Visuele Teks A besoedel/is negatief en visuele Teks B gaan oor bewaring. ✓ | 1 | 2 |
| | *Die kandidaat moet BEIDE kante noem vir EEN punt.* | | |
| 1.15 | No. 2 – Die afval van 'n papierfabriek wat in die rivier beland. ✓ | 1 | 1 |
| | OF | | |
| | No. 3 – As/ROOK van 'n kragsentrale ✓ | | |
| | *Die kandidaat noem die no. en die beskrywing in par. 3 vir EEN punt.* | | |
| 1.16 | No. 1 – markte kry 'n status indien hul sou herwin. / Hul rommel sorteer en op 'n groener wyse laat weggooi/vernietig. ✓ | 1 | 2 |
| | OF | | |
| | No. 2 – rioolsuiweringsplase moet aparte watertoevoer van fabrieke, ens. hê en belasting word betaal op baie onsuiwerhede. ✓ | | |
| | OF | | |

| | | |
|---|---|---|
| No. 3 – belasting word gehef op fabrieke wat 'n seker hoeveelheid rook oorskrei. ✓ | | |
| Die Kyoto-protokol gee net die riglyne vir die regerings, maar hulle moet dit self tot uitvoer bring. ✓ | 1 | 3 |
| Indien die regering omgegee het vir ander se regte, sou die water/die woonbuurt nie so gelyk het nie. ✓ | 1 | 2 |
| Waterbesoedeling is vir my kommerwekkend, want een van die dae gaan ons nie meer die water gesuiwer kry nie. OF Lugbesoedeling is vir my kommerwekkend, want dit kan allerhande gevaarlike kwale/longsiektes veroorsaak. ✓ | 1<br>[4] | 5 |
| **[TOTAAL AFDELING A: 30]** | | |

## AFDELING B (bl. 34)

## VRAAG 1

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgorde** skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne aangebied** word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- Punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- Punte vir taal
- Puntetotaal: 10

### Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

### Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.

- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**’n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Aardverwarming veroorsaak dat koraalriwwe verbleik en dit lei daartoe dat hierdie riwwe nie die vermoë het om koolstof op te neem nie. Aardverwarming lei tot droogtes, siklone en orkaanaktiwiteite in die natuur. Al drie veroorsaak groot skade. Gletsers smelt en gaan dood, wat tot gevolg het dat ons uiterste hitte gaan beleef. Seevlakke kan ook tydelik styg as gevolg van aardverwarming.

**61 woorde**

## AFDELING C (bl. 35)

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Eerste Nasionale Bank ✓ | 1 | 1 |
| 3.2 | Die borg van die Springbokke is trots op hulle. ✓ | 1 | 6 |
| 3.3 | Versamelnaam ✓ | 1 | 3 |
| 3.4 | Leerder se eie sin om die betekenis te verklaar, bv.:<br>Ek het baie geld daarom is ek ryk. ✓<br><br>OF<br><br>Ek is siek, want die kos was te ryk vir my gestel.✓ | 1 | 3 |
| 3.5 | móét ✓ | 1 | 1 |
| 3.6 | ’n Eienaam gekoppel aan ’n soortnaam ✓ | 1 | 4 |
| 3.7 | ’n Kort, beklemtoonde klinker voor die **-n**/medeklinker, laat dit verdubbel. ✓ | 1 | 1 |
| 3.8 | Hulle laat jou verstaan dat as jy ’n ondersteuner is, kan jy nie sonder die plakkaat nie. ✓<br><br>OF | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Hulle verseker jou dit is ’n stukkie geskiedenis. ✓ | | |
| | OF | | |
| | Africana ✓ | | |
| | EN | | |
| | In reël 17 dwing hulle jou met die woorde “maak seker”. ✓ | 1 | 3 |
| | *Kandidaat noem enige TWEE vir EEN punt ELK.* | [2] | |
| 3.9 | Ja, want die persone wat genoem word kan in aksie op die foto gesien word. ✓ | 1 | 6 |
| | | | [10] |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 4.1 | ou ✓ | 1 | 4 |
| 4.2 | Hy neem aan dat die Kersparty vervelig gaan wees. ✓ | 1 | 3 |
| 4.3 | Veel liewer OF baie eerder ✓ | 1 | 6 |
| 4.4 | Ben sê/het **liefdevol** gesê dat “dit goed is Babsie gaan nie saam nie, want dit is geen geleentheid vir ’n ordentlike vrou om na te gaan nie” .✓ | 1 | 6 |
| 4.5 | Hovaardigheid OF neerhalendheid ✓ | 1 | 3 |
| 4.6 | assimilasieg ✓ | 1 | 2 |
| 4.7 | Partytjiepret OF partytjiehoed OF partytjiemusiek ✓ | 1 | 6 |
| 4.8 | Die tikster wat grappe maak, het op een van die tafels geklim. ✓ | 1 | 6 |
| | OF | | |
| | Die tikster het op een van die tafels waarop die kos was, geklim. ✓ | | |
| 4.9 | Geskoktheid OF ongeloof ✓ | 1 | 3 |
| | EN | | |
| | Haar gesigsuitdrukking lyk selfvoldaan. ✓ | 1 | 3 |

OF

Haar liggaamstaal is een van vasberadenheid. ✓

[2]

[10]

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Deur die ellips te gebruik. ✓ | 1 | 2 |
| 5.2 | Laat klap die tonge weer, Gretha Thunberg**!** ✓ | 1 | 6 |
| 5.3 | ’n Jaar later het sy NIE in Plymouth in Engeland aan boord van ’n seiljag, die Malizia II, gegaan NIE. ✓ | 1 | 6 |
| 5.4 | Nasalering ✓ | 1 | 2 |
| 5.5 | Woon asseblief die vergadering by. ✓ | 1 | 6 |
| 5.6 | Dit is ongetwyfeld so . . . ✓ | 1 | 4 |
| 5.7 | Aarseling OF twyfeling ✓ | 1 | 1 |
| 5.8 | uitdager ✓ | 1 | 6 |
| 5.9 | Jeugklimaatspitsberade ✓ | 1 | 1 |
| 5.10 | Greta het Saterdag die Jeugklimaatspitsberaad van die Verenigde Nasies (VN) in New York geopen. ✓ | 1 | 6 |
| | | | [10] |
| | | | **[TOTAAL AFDELING C: 30]** |

 © NB-Uitgewers 2020

# 11. KOM ONS BEKYK VRAESTEL 3 VAN NADERBY (bl. 41–44)

## AFDELING A (bl. 41)

### DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

**Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.

**Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.

**Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van ŉ verhalende, beskrywende of bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl ŉ argumenterende of beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

### VRAAG 1

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus terugskouend op die oomblikke val en waarom dit uitstaan en jou sal bybly. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens ten opsigte van die oomblikke fokus. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig aangaande die oomblikke wat uitstaan in ons lewe, al dan nie. Wanneer hy/sy oor die sin van oomblikke in ons lewe wat uitstaan en ons bybly, bespiegel, kan dit as bespiegelende opstel slaag.

[50]

1.2

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op die oomblikke val toe hy/sy haar oë oopgemaak het. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens ten opsigte van die oomblik toe hy/sy sy/haar oë oopgemaak het, fokus.

[50]

1.3

Die onderwerp leen hom tot ŉ bespiegelende opstel waar die kandidaat besin oor die mag wat ’n glimlag kan hê. As verhaal kan die kandidaat oor ŉ insident skryf wat hom/haar laat besef het hoe belangrik ’n glimlag is. In ŉ beskrywende opstel kan die kandidaat die oomblik toe ’n glimlag hartseer verdryf het, beskryf. By ŉ argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat oortuig hoekom ’n glimlag, hartseer/swaarkry kan verdryf, al dan nie.

[50]

\

 © NB-Uitgewers 2020

1.4

ʼn Beskrywende opstel kan die verhouding beskryf en die daaropvolgende gebeure. Indien ʼn verhalende opstel aangebied word, sal die fokus op gebeure val wat die "toestand" tot gevolg het. By ʼn argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat redeneer of noodwendig tot verloof en verlore lei. In ʼn bespiegelende inhoud kan daar oor die waarde van verlief, verloof en verlore bespiegel word.

[50]

1.5

Die opstel sal hoofsaaklik beredenerend/argumenterend aangebied word. Die kandidaat sal fokus op die reg wat die mens het om die grootste gawe te neem. Hierdie onderwerp leen hom ook tot ʼn bespiegelende opstel, veral waar die kandidaat besin oor die lewe as ʼn gawe.

[50]

1.6.1

Indien die opstel as ʼn verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op ʼn rit in ʼn wildtuin val. By ʼn beskrywende inhoud kan die kandidaat die twee laggende/huilende sebra's beskryf en/of die gevoelens wat daardeur opgeroep word. Die sebra's kan selfs ook die spreker wees.

[50]

1.6.2

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan ʼn verhalende opstel oor die duiker se ekspedisie skryf of ʼn ontmoeting tussen ʼn duiker en ʼn dolfyn. ʼn Beskrywende opstel kan die handelinge of gebeure wat deel van die duikervaring is, beskryf. Indien die kandidaat argumenteer/redeneer oor die belangrikheid van die seelewe kan die opstel as ʼn beredeneerde/argumenterende opstel slaag. ʼn Bespiegelende opstel kan fokus op die belangrikheid/behoud van seelewe.

[50]

1.6.3

Die kandidaat kan ʼn verhalende opstel aanbied oor ʼn huis/restaurant/nuwe vlootbasis in die see. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat die huis/restaurant/vlootbasis beskryf of die oorsake wat gelei het tot die bou hiervan. In ʼn bespiegelende skryfstuk kan daar oor die waarde van geboue in die oseaan bespiegel word.

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## SOORT OPSTELLE

### VERHALENDE OPSTEL

Dit is ’n interessante vertelling van ’n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word (’n storie of gebeurtenis).
- ’n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar dit mag fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- ’n Treffende inleiding boei die leser en ’n verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

### BESKRYWENDE OPSTEL

Die kandidaat beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef. Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sintuie en ’n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, ’n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot ’n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

### BEREDENEERDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om ’n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ’n argument te gee. Die kandidaat oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die kandidaat mag tot ’n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel. Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor ’n onderwerp waaroor standpunt alreeds tydens die inleiding ingeneem kan word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- ’n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee ’n sterk aanduiding van die kandidaat se mening.
- Die leser word deur die kandidaat se standpunt oortuig.

- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

**BESPIEGELENDE OPSTEL**
Die kandidaat oorweeg/deurdink ŉ idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor ŉ droom of wense/moontlikhede. Hou die volgende in gedagte:
- Die probleem, situasie, saak of onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is ŉ definitiewe struktuur, maar ŉ gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie ŉ gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf/aangebied word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**
Die kandidaat het ŉ spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Hou die volgende in gedagte:
- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- ŉ Eie mening word op ŉ baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- ŉ Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van ŉ saak word enduit volgehou.
- ŉ Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet ŉ duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

## AFDELING B (bl. 43)

**2.1 FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

Die brief handel oor ŉ gelukwensing aan die skoolhoof. Hou die volgende in gedagte:
- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die prestasie om as die beste skoolhoof in die land aangewys word.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se voorletters en van moet gegee word.

[25]

**2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die brief fokus op gerusstelling aan die kandidaat se ouma/oupa. Hou die volgende in gedagte:
- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet sy/haar ouma/oupa gerusstel oor die rigting wat hy/sy na matriek wil inslaan.

- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens ŉ spesifieke doel.
- Daar moet ŉ inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg ŉ informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer (die kandidaat) se naam.

[25]

**2.3 FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS**

Die brief handel oor ŉ die geweldige koste verbonde aan matriekafskeid. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die kostes verbonde aan die matriekafskeid en waarom dit jou bekommer.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

**2.4 TYDSKRIFARTIKEL**

Die artikel handel oor sosiale media se invloed. Hou die volgende in gedagte:

- Stel die feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- ŉ Subtitel kan gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan gegee/gebruik word.
- Die gevolge (positief en/ negatief) van sosiale media word.

[25]

**2.5 INFORMELE TOESPRAAK**

Die toespraak handel oor die spaar van geld. Hou die volgende in gedagte:

- Die styl is informeel. Gee aandag aan: WANNEER, WAAR, HOEKOM, WIE en WAT.
- Inleiding moet belangstelling wek.
- Ontwikkel weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde word gebruik.
- Slot moet die gehoor tot nadenke stem; is nie noodwendig ŉ samevatting van die toespraak nie.
- Klem behoort te val op wenke om te spaar.

[25]

**2.6 DIALOOG**

Die fokus van die gesprek val op die krisis wat beleef word. Een spreker behoort die ander ’n oplossing te gee hoe om die krisis te hanteer. Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer ŉ gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker

se perspektief.

- Na elke spreekbeurt word ŉ reël oopgelaat.
- Gebruik ŉ dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies aangedui, bv. Anna: *(met dringendheid)* Ons gaan na . . . / Anna *(met dringendheid)*: Ons gaan na . . .
- ŉ Scenario kan geskep word voordat die dialoog geskryf word.
- Let daarop dat geen aanhalingstekens by die dialoog gebruik word nie.

## 2.7 AGENDA EN NOTULE

Die fokus van die agenda en notule is oor die skool se Monitorbestuursvergadering. Hou die volgende in gedagte:

- ’n Agenda is ’n puntsgewyse lys wat die onderwerpe van die vergadering noem. Voorbeeld:

Monitorbestuursvergadering:
19 Januarie 2020
AGENDA

---

1. Komiteesake – vordering:
   Sport:

   Kultuur:

   Sosiaal:
2. Situasielys (volgens skedule)
3. Nuwe sake
4. Spesiale datums:
5. Verslae:
6. Algemeen:
7. Volgende vergadering:

- ŉ Notule is die verkorte, geskrewe verslag van die besprekings op ŉ vergadering wat op die agenda volg.
- Dit moet ŉ lid, wat nie teenwoordig was nie, ŉ idee gee van wat by die vergadering gebeur het.
- Alle besluite moet genotuleer word.
- In ŉ geskrewe notule word die verskillende opskrifte onderstreep.

- Die notule word altyd in die teenwoordige tyd geskryf.
- Gebruik kort sinne.
- Die notule stem puntsgewys ooreen met die agenda.
- Taal en styl is formeel.

[25]
**[TOTAAL AFDELING B: 50]**
**[GROOTTOTAAL: 100]**

 © NB-Uitgewers 2020

# 12. KONSEPVRAESTEL 1 NO. 1 (bl. 45–55)

## AFDELING A (bl. 45)

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Die woordspeling van wis (“weet”) en wiskunde maak dit treffend. ✓<br><br>OF<br><br>Die alliterende klanke maak dit treffend. ✓<br><br>OF<br><br>Almal sukkel gewoonlik met wiskunde en die opskrif gee die oplossing: sit die weet/kennis in wiskunde. ✓ | 1 | 5 |
| 1.2 | Dit moes as skrikmaakmiddel gedien het. ✓<br><br>OF<br><br>Die leerders moes uit vrees om ’n hou met die liniaal te kry, hul tafels leer. ✓<br><br>OF | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die liniaal het as leermiddel gedien. ✓ | | |
| 1.3 | Die department het duisende vakadviseurs opgelei. ✓ | 1 | 1 |
| 1.4 | Hy het bevind dat diegene wat die KABV-opleiding gedoen het, was nie genoegsaam bevoeg nie. ✓ | 1 | 1 |
| 1.5 | Dit aanbevelings sal met sukses toegepas kan word, want dié wat die kennis oordra, sal dus bevoeg wees. ✓ | 1 | 4 |
| | OF | | |
| | Die aanbevelings sal nie met sukses toegepas kan word nie, want daar is niemand wat bepaal of die kundiges op provinsiale vlak werklik kundiges is nie. ✓ | | |
| 1.6 | Die wiskundekurrikulum is modern en onderwysers is nie meer op hoogte met die moderne neigings nie. ✓ | 1 | 2 |
| | Sommige onderwysers het begrips- ✓ en ander kundigheidsagterstande ✓. | 2 | 1 |
| | | [3] | |
| 1.7 | Die tekorte aan basiese infrastruktuur ✓, boeke ✓, kundige wiskunde-onderwysers ✓ en die algehele gebrek aan voorligting in die meeste skole oor hoe belangrik wiskunde as ’n sleutelvak vir verdere studie is ✓, veroorsaak ongemotiveerde wiskunde-onderwysers. | 4 | 1 |
| 1.8 | Dit is ’n swak/lae slaagsyfer as gevolg van allerhande faktore.✓ | 1 | 3 |
| 1.9 | Die skole pas hul eksamenpunte aan ✓ of die eksamen is nie op assesseringsstandaard nie ✓. | 1 | 2 |
| 1.10 | Hy glo wiskunde leer kinders om analities en krities te dink ✓ en ’n wiskundestandaard bepaal ’n land se respek teenoor sy onderwysers ✓. | 2 | 2 |
| 1.11 | Prof. Engelbrecht voel positief oor wiskundige-geletterdheid ✓, terwyl prof. Van Schalkwyk voel wiskundige-geletterheid het geen nut op tersiêre vlak nie ✓. | 2 | 2 |
| 1.12 | Beide glo die standaard van wiskunde is te laag. ✓ | 3 | 1 |
| 1.13 | Sommige vind dit maklik/neem deel ✓ en dit verveel ander ✓. | 2 | 3 |
| 1.14 | Hy lyk selftevrede. ✓ | 1 | 3 |
| | OF | | |
| | Hy hou sy hand in die lug asof hy wil sê als is reg en hy geniet wiskunde. ✓ | | |
| 1.15 | Die kandidaat noem die voorstelling, bv. voorstelling 1. ✓ | 1 | 4 |
| | Die kandidaat se motivering moet by die keuse pas, bv. My brein is absoluut gerat vir syfers. OF Ek dink net syfers. ✓ | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | [2] | |
| 1.16 | Die leerders het op alle vlakke in 2008 beter in wiskunde gevaar. ✓ | 2 | 1 |
| 1.17 | Visuele voorstelling 1 en 2 ondersteun die titel van die weet/kennis wat in die wiskunde gesit moet word.✓ *Die kandidaat moet by albei tekste die ooreenkoms raaksien en noem.* | 1 | 3 |
| 1.18 | Die grafieke wys duidelik dat slegs die leerders wat wiskunde kan baasraak, het dit begin neem. ✓ | 1 | 3 |
| | **[TOTAAL AFDELING A: 30]** | | |

## AFDELING B (bl. 49)

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgorde** skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne aangebied** word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- Punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- Punte vir taal
- Puntetotaal: 10

### Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

### Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

 © NB-Uitgewers 2020

**’n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Doen dinge op ’n nuwe manier, maar weet dit gaan nie sommer net gebeur nie. Dink aan maniere hoe jy die positiewe ervarings van die vorige jaar in die nuwe jaar kan herskep. Leer om die oomblik aan te gryp en daarin te leef. In jou verhoudinge moet jy ’n oper ingesteldheid hê. Meditasie of konsentrasie op jou manier van asemhaling kan jou leer om ’n oplettende ingesteldheid te kry. Kry ankeroomblikke wat jou gedagtes reg instel. Aanvaar verantwoordelikheid vir jou jaar en beplan vooruit. **84 woorde**

**[TOTAAL AFDELING B: 10]**

## AFDELING C (bl. 52)

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Om die andersheid van Afrikaans en die KKNK te beklemtoon. ✓ | 1 | 5 |
| 3.1.2 | Dit dien as ’n bevestiging. ✓<br><br>OF<br><br>Dui op die verbaasdheid dat Afrikaans anders is. ✓ | 1 | 4 |
| 3.2 | Die skerp potlode beklemtoon Afrikaans se andersheid/skerpheid. ✓<br><br>OF<br><br>Die verskillende potlode dui op die verskillende soorte vermaak. ✓ | 1 | 4 |
| 3.3 | Feestelik ✓ | 1 | 3 |
| 3.4 | ’n Kookwaterfees **is** vir die lojale feesgangers deur die 2014-span **beplan**. ✓<br>*Kyk vir die korrekte tydsaanduidende woord sowel as die korrekte sinsorde.* | 1 | 6 |
| 3.5.1 | Die **vindingryke** 2014-span . . ./**uitgebreide** kookwaterfees . . . ✓ | 1 | 6 |
| 3.5.2 | Die 2014-span het **toe die son sa**k ’n kookwaterfees . . . ✓<br><br>OF | 1 | 6 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die 2014-span het **asof hulle geniale breine het**, ’n kookwaterfees . . . ✓ | | |
| | OF | | |
| | Die 2014-span het **daar waar almal vergader** ’n kookwaterfees . . . ✓ | | |
| 3.6 | Dislojale (*spelling en verbuiging*) ✓ | 1 | 2 |
| 3.7 | Jou hartstaal (*FRASE*) ✓ | 1 | 3 |
| 3.8 | Die feit dat die K verkeerdom lê, wys dat die fees anders gaan wees. ✓ | 1 | 5 |
| | OF | | |
| | Die potlode skerp is en dan na die skerpheid van Afrikaans verwys, maak die advertensie geslaagd. ✓ | | |
| | | | [10] |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 4.1 | goed (*spelling*) ✓ | 1 | 1 |
| 4.2 | Dui op ’n belangeloosheid/onbelangstellendheid. ✓ | 1 | 4 |
| 4.3 | Om te bly. ✓ | 1 | 2 |
| 4.4 | Dit pas by die karakter se taalgebruik. ✓ | 1 | 5 |
| | OF | | |
| | Is aanvaarbaar as spreektaal. ✓ | | |
| 4.5 | gerookte ✓ | 1 | 1 |
| 4.6 | Sy hand is aan die binnekant van die motor. ✓ | 1 | 3 |
| | OF | | |
| | Die strepies rondom sy hand wat in die motor is. ✓ | | |
| 4.7 | hierdie ✓ | 1 | 1 |
| 4.8 | nek ✓ | 1 | 1 |
| 4.9 | *Die kandidaat se antwoord moet oor die manier waarop hul nie van Piet ontslae kan raak nie of die manier waarop hulle probeer of van Piet onstlae te raak, handel.* ✓ | 1 | 5 |
| 4.10 | As ons NOOIT weer partytjie hou NIE. ✓ | 1 | 6 |
| | | | [10] |

 © NB-Uitgewers 2020

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Dit bestaan uit ’n stam en ’n afleidingsmorfeem.✓ | 1 | 4 |
| 5.2 | ’n Komma word tussen twee gesegdes gebruik.✓ | 1 | 1 |
| 5.3 | wagkamer/wagtydperk/waglys ✓<br>*Kandidaat moet antwoord as een word aanbied.* | 1 | 6 |
| 5.4 | Lettergreep: in/nie (KORREKTE SPELLING IS “IN DIE”)<br><br>EN<br><br>Klankgreep: i/nie ✓<br>*BEIDE moet korrek wees vir EEN PUNT.* | 1 | 2 |
| 5.5 | Die woord “krismis” word hier as ’n eienaam gebruik, daarom moet dit ’n hoofletter hê (“Krismis”). ✓ | 1 | 1 |
| 5.6 | Klankweglating ✓ (“trug” i.p.v. “terug”) | 1 | 1 |
| 5.7 | byte ✓ | 1 | 2 |
| 5.8 | it (dit) ✓ | 1 | 2 |
| 5.9 | buite – word met ’n **ui** geskryf, byte is ’n wond (byt) van ’n insek of dier, bv. ’n muskietbyt. ✓ | 1 | 4 |
| | | | [10] |

**[TOTAAL AFDELING C: 30]**

**[GROOTTOTAAL: 70]**

# 12. KONSEPVRAESTEL 3 NO. 1 (bl. 56–67)

## AFDELING A (bl. 56)

### VRAAG 1

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus terugskouend op ’n oomblik val waarvan jy die persoon sou wou vertel, maar nie kan nie as gevolg van ’n/verskeie redes. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens ten opsigte van die oomblik en die redes waarom dit nie vertel kan word nie, fokus. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig aangaande die redes waarom hy/sy nie van die oomblik kan vertel nie, of dan wel.

[50]

1.2

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op die plek (kan ook ’n figuurlike plek wees) waar daar vrede gevind word en hoekom, val. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens van vrede wat die plek bewerkstellig, fokus.

[50]

1.3

Die opstel sal hoofsaaklik beredenerend/argumenterend aangebied word. By ŉ argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat oortuig of werkloosheid wel Suid-Afrika by die afgrond af stoot, al dan nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die mag wat werkloosheid (bv. misdaad, geen ekonomiese groei wat armoede veroorsaak, ens.) in die land kan hê. As verhaal kan die kandidaat oor ŉ insident skryf wat hom/haar laat besef het hoe belangrik werkskepping is. In ŉ beskrywende opstel kan die kandidaat ’n spesifieke geval van hoe werkloosheid hulle persoonlik raak/geraak het, beskryf.

[50]

1.4

ŉ Beskrywende opstel kan die verdwyning van iemand/iets en die daaropvolgende emosies, beskryf. Indien ŉ verhalende opstel aangebied word, sal die fokus op die verdwyning en die geheimsinnigheid daarvan fokus.

[50]

1.5

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op ’n oomblik val waar die spesifieke karakter se pad na sy dood gelei het. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens fokus terwyl die pad na die dood gestap word. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig aangaande die feit dat die dood onafwendbaar is, al dan nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat alle paaie onafwendbaar na die dood lei.

[50]

1.6.1

Indien die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op die windmeul of plaashuis val. By ŉ beskrywende inhoud kan die kandidaat die landskap en/of die gevoelens wat deur die landskap opgeroep word, beskryf. Die windmeul/plaashuis kan selfs ook die spreker wees. [50]

1.6.2

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan ’n verhalende opstel oor ’n sosiale mediaboodskap skryf. ŉ Beskrywende opstel kan die handelinge of gebeure of emosies wat gepaardgaan met die ontvang/stuur van ’n boodskap via sosiale, beskryf. Indien die kandidaat argumenteer/redeneer oor die belangrikheid, al dan nie, van sosiale media kan die opstel as ŉ beredeneerde/argumenterende opstel slaag. ŉ Bespiegelende opstel kan fokus op die noodsaaklikheid, al dan nie, van sosiale media.

[50]

1.6.3

Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel aanbied oor ŉ situasie in die klas. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat die onderwyser/klas beskryf of die oorsake wat gelei het tot die onderwyser wat haar hande in die lug gooi. In ŉ bespiegelende skryfstuk kan daar oor die waarde van ’n onderwyser bespiegel word.

[50]

**[TOTAAL AFDELING A: 50]**

## AFDELING B (bl. 60)

### 2.1 FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS

Die brief handel oor die plaasmoord/geweld in Suid-Afrika. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor plaasmoorde/geweld in Suid-Afrika en waarom dit jou ontstel.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

### 2.2 HULDEBLYK

Die kandidaat bring hulde aan Nelson Mandela. Die kandidaat kan verwys na Mandela se bydrae tot ’n nuwe Suid-Afrika en/of kan na sy menswees verwys. Hou die volgende in gedagte:

- Naam en van van die persoon aan wie hulde gebring word.
- Gebeure en staaltjies oor Nelson Mandela/bydrae word gegee.
- Persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet ŉ duidelike beeld van Nelson Mandela en sy dade kan vorm.
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Vermy oordrewe sentimentaliteit.
- Gebruik kort, bondige sinne.

- Die inhoud van die huldeblyk moet in paragrawe aangebied word.
- Let daarop dat die kandidaat aan ŉ gestorwe persoon hulde bring.

[25]

**2.3 NOTULE**

Hierdie vergadering fokus op die probleem van die gr. 10's se dissipline. Dit gee ook aandag aan die Verteenwoordigende Leerderraad, die hoofseun se verslag, leierskapskursus en die hoof se verjaardag. Hou die volgende in gedagte:

- Die notule behoort die aanvaarding van die vorige notule aan te dui, die naam van die vereniging/organisasie asook die datum, tyd en plek van vergadering.
- 'n Presensielys behoort aangedui te word.
- Besluite word genotuleer.
- Dit word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Onbenullighede word uitgelaat.

[25]

**2.4 FORMELE VERSLAG**

Die verslag handel oor wat die kandidaat/skrywer gesien het of ervaar het toe die ongeluk op die N2 by die Herbertsdale-afrit plaasgevind het. Hou die volgende in gedagte:

- Gee presiese terugvoering oor die gebeure (datum, tyd en plek).
- Feitelike besonderhede oor WIE, HOEKOM, WANNEER, WAAR, WAT en HOE is belangrik.
- Die skrywer se persoonlike inligting (volle naam, ID-nommer, kontaknommer en adres) moet verskaf word.
- Uitbreiding van besonderhede moet verskaf word.
- 'n Samevatting/gevolgtrekking aan die einde is nodig.
- Dit word in die eerste persoon geskryf.
- Saaklike, formele taal word gebruik.

[25]

**2.5 FORMELE BRIEF: GELUKWENSING**

Die brief handel oor die verengelsing van die Potchefstroomkampus, asook die redes waarom dit jou ontstig. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die verengelsing van die kampus en die <u>nadele</u> (of voordele t.o.v. van groei met goeie bewyse, indien die kandidaat hom/haar daartoe wend).
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

**2.6 INFORMELE TOESPRAAK**

Die toespraak handel oor die waarde van vriende, eerder as om mense met jou woede weg te stoot. Hou die volgende in gedagte:

- Die styl is informeel. Gee aandag aan: WANNEER, WAAR, HOEKOM, WIE en WAT.

 © NB-Uitgewers 2020

- Inleiding moet belangstelling wek.
- Ontwikkel weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde word gebruik.
- Slot moet die gehoor tot nadenke stem; is nie noodwendig ŉ samevatting van die toespraak nie.
- Klem behoort te val op die waarde van vriende se beskerming.

[25]

**[TOTAAL AFDELING B: 50]**

**[GROOTTOTAAL: 100]**

# 14. BETEKENISLEER/SEMANTIEK (bl. 68–70)

## OEFENING 1 (bl. 68)

1. gespel, uitspraak, betekenis
2. klink, gespel, betekenis
3. dieselfde betekenis
4. verskillende betekenis
5. dieselfde stam
6. dubbelvorme/tweelingwoorde
7. tabak en twak

## OEFENING 2 (bl. 68 & 69)

1.
   - 1.1 vrolike
   - 1.2 gesette/vet
   - 1.3 baie/aansienlike
   - 1.4 donker

2.
   - 2.1 woordsoort
   - 2.2 verknog aan
   - 2.3 ligsinnige
   - 2.4 skuinsgedruk

3. Leerder se eie sinne om die betekenisverskil uit te lig, bv.
   - 3.1 Die **loop** van die geweer is geroes.
     Die rivier se **loop** is kurkdroog.
     Sy **loop** herinner my aan ’n mank bobbejaan.
   - 3.2 Die **bloed** stroom uit die wond.
     Prins Charles is van koninklike **bloed**.
     Sy is my eie vlees en **bloed**.
   - 3.3 Jy moet die skoene **poets** totdat dit blink.
     Ons het so lekker gelag oor die **poets** wat ons hom gebak het.
   - 3.4 Ons **was** die wasgoed elke tweede dag.
     My ore is vol **was**, daarom is dit seer.
     Ek **was** al lankal klaar met my werk.

4.
   - 4.1 <u>wy</u>
     Die vee *wei* in die veld.
   - 4.2 <u>brei</u>
     My ma *bry* as sy ’n **-r** uitspreek. / Ons kan nie die *bry* opvee nie, dit is te pap.
   - 4.3 <u>ryk</u>
     Sy kan nie haar hand so vêr *reik* nie.
   - 4.4 <u>vyl</u>
     *Veil* maar al my ou meubels op, ek het nuwes gekoop.

5. Leerder se eie sinne met paronieme.
   - 5.1 Ek <u>betwyfel</u> die feit dat sy onskuldig is.
   - 5.2 Ek het die ring <u>bekom</u> deur navraag by my tannie te doen.
   - 5.3 Die blou <u>vertoon</u> mooi teen die wit agtergrond.

5.4 Ons gaan ’n presedent skep deur vir haar dit toe te laat.

6. Leerder se eie sinne om die betekenisverskil uit te lig, bv.

6.1 Die mans loop saam met die vroue oor die rooi tapyt.
Die manne bult almal hul spiere in die gimnasium.

6.2 Hierdie storie van jou is nou sommer twak.
Ek stop my pyp met tabak.

6.3 Skiet die bok dood; moenie haar net kwes nie.
Wanneer jy sulke lelike goed oor my vertel, kwets jy my gevoelens.

6.4 Jong, nou sal ons ’n plan moet prakseer om die fiets aan die ry te kry.
My oom praktiseer as ’n prokureur.

## OEFENING 3 (bl. 70)

1. werklose (1) [2]
2. vereffen (1) [2]
3. Die man is baie *maer*. (1) [3]
4. Dit is ’n *nou* brug. (1) [6]
5. Besitlike voornaamwoord – Dis haar huis.
   Selfstandige naamwoord – My haar op my neus. (2) [6]
6. Ja dit is, want dit klink dieselfde, maar die spelling en betekenis verskil. (1) [5]
7. begaan (1) [2]
8. *Takseer* is om te beoordeel.
   *Trakteer* is om iemand te bederf/bedien. (1) [2]

**[9]**

## 15. SINSOORTE: ENKELVOUDIGE, SAAMGESTELDE EN VEELVOUDIGE SINNE (bl. 71–73)

### OEFENING 1 (bl. 71)

1. Leerder se eie sinne, byvoorbeeld:
   Stelsin: Ek eet my kos.
   Vraagsin: Wat maak jy?
   Bevelsin: Doen jou huiswerk!
   Uitroepsin: Eina, jy maak my seer!
2. Daar kom net een gesegde in die sin voor.
3. gesegde
4. Die onderwerp doen die handeling.
   Die handeling gaan oor op die voorwerp.
5. Dit verbuig die byvooeglike naamwoord.
6. Leerder se eie sin, byvoorbeeld: Die seun hardloop <u>soggens</u> <u>vinnig</u> <u>buite</u> rond.
7. ’n Byvoeglike bepaling het nie ’n gesegde nie en ’n byvoeglike bysin het ’n gesegde.
8. ’n Enkelvoudige sinne het een gesegde in die sin en ’n saamgestelde sin het meer as een gesegde.
9. Leerder se eie sin, byvoorbeeld: Johan <u>eet</u> sy kos en <u>drink</u> sy water.
10. Leerder se eie sin, byvoorbeeld: Johan <u>speel</u> met die bal en Piet <u>skop</u> die rugbybal.

### OEFENING 2 (bl. 71 & 72)

1.1 Stelsin
1.2 Loop ek nou?
1.3 Nou loop ek!

2.1 het gestap
2.2 Oom Jannie Marais
2.3 met die bleskop
2.4 vinnig/in die straat

3. Oom Jannie Marais <u>wat ’n bleskop het</u>, het vinnig in die straat gestap. / Oom Jannie Marais met die bleskop het **toe die son sak**, vinnig in die straat gestap.

4.1 Die kokke (*onderwerp)* waaroor almal gaande is *(byvoeglike bysin)*, **het** toe die son opkom *(bywoordelike bysin van tyd)* ontbyt *(voorwerp)* waar die mense vergader *(bywoordelike bysin van plek)*, **gemaak** *(gesegde)*.
4.2 Wat die onderwyser sê *(onderwerpsin)*, put die kinders *(voorwerp)* uit <u>asof hulle ’n marathon gehardloop het</u> (*bywoordelike bysin van manier)*.

5. Veelvoudige sin, want twee hoofsinne word met ’n voegwoord verbind.

### OEFENING 3 (bl. 72 & 73)

1. Hy toor op die veld. (1) [4]
2. Vraende wyse (1) [1]
3. My pa het klubrugby gespeel. (1) [2]
4. het gespeel – gesegde
   my pa – onderwerp
   klubrugby – voorwerp (1) [4]
5. Ja, dit is, want dit het twee gesegdes. (1) [5]

 © NB-Uitgewers 2020

6. Ek, wat rooi hare het, sê elke dag dankie vir hom. (1) [6]
7. Ek het nie gevra hoekom nie, want ek was besig met huiswerk. (1) [6]

[7]

## 16. DIREKTE EN INDIREKTE REDE, LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM, ONTKENNING EN SINSWYSES (bl. 74–76)

### OEFENING 1 (bl. 74)

1. Die sin staan tussen aanhalingstekens.
2. Die aanhalingstekens en dubbelpunt val weg/voornaamwoorde en tydsaanduidende woorde verander.
3. Jy moet die tussenwerpsel omskryf.
4. 
    - Bepaal die tyd.
    - Kry die onderwerp,voorwerp en gesegde.
    - Ruil die onderwerp en voorwerp om.
    - Haal uit: *deur*, *word*/*is* en **ge-**
    - Sinsorde: OTVMP
5. Sit self ’n onderwerp in.
6. nêrens
7. Moenie
8. Aanwysend: Ek skryf eksamen.
   Aanvoegend: Ek skryf dalk/moontlik eksamen.

### OEFENING 2 (bl. 74 & 75)

1. Ma sê/het moeilik gesê dat sy dan die vorige dag vir ons gesê het hoe dit gedoen moet word.
2. Ma het verontwaardig gesê: “Dit behoort nie te gebeur as julle sal luister nie!” OF Ma het gesê: “Liewe genade, dit behoort nie te gebeur as julle sal luister nie!”
3. Wanneer gaan die opstel (deur jou) ingelewer word?
4. Ek het jou gewaarsku om nie weer die kind af te knou nie.
5. 
    5.1 Ek het nog nie die werk gedoen nie.
    5.2 Moenie jou nuutste lied sing nie, asseblief.
6. Ek doen die werk dalk sommer nou.

### OEFENING 3 (bl. 75 & 76)

1. Sal jy saam met ons kom kuier? (1) [2]
2. Hannon, jy is moeg om dieselfde te lyk. (1) [6]
3. Is jy nie lus vir ’n verandering in voorkoms nie? (1) [6]
4. Hannon Bothma omtower jou tot ’n nuwe jy. (1) [5]
   Jy word deur Hannon Bothma tot `n nuwe jy omtower. (1) [6]
5. Nie dr. Phil sal al jou kwelvrae beantwoord nie. (1) [4]
6. Een van dr. Phil se antwoorde was dat jy/ek daardie dag nog vir almal om verskoning moet vra. (1) [6]
7. Almal is hier gratis welkom. (1) [6]

[9]

## 17. WOORDESKATUITBREIDING (bl. 77–79)

### OEFENING 1 (bl. 77)

1. woorde van vreemde herkoms
2. Neologisme
3. Klanknabootsing
4. Die vorming van ’n nuwe woord na aanleiding van ’n ander woord.
5. volksetimologie
6. Wanneer jy twee bestaande woorde neem en jy vorm verkeerdelik ’n derde woord met die betekenis van die oorspronklike twee.
7. Woorde met dieselfde betekenis, bv. lintwurm.
8. Pleonasme
9. Woorde wat nog in vaste uitdrukkings gebruik word, bv. <u>de</u> hoenders in.
10. Dis ’n direkte vertaling van ’n woord.

### OEFENING 2 (bl. 77 & 78)

1.
   1.1 Japanees
   1.2 Engels
   1.3 Nguni-taal
   1.4 Frans
2. Dit boots die klank van die voël na.
3. korrekte analogie
4. <u>volksetimologie</u>
5. kontaminasie
6. Die betekenis van weer is opgesluit in herhaal.
7. Steen <u>des</u> aanstoots.
8. anglisisme

### OEFENING 3 (bl. 78 & 79)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | definitief seker | (1) [2] |
| 2. | chauffeur | (1) [2] |
| 3. | Ja, want dis ontleen uit Maleis/vreemde taal. | (1) [5] |
| 4. | Taalfossiel | (1) [3] |
| 5. | omslommernis | (1) [4] |
| 6. | Dit boots die spoed van die handeling na. | (1) [6] |
| 7. | wreedaard | (1) [2] |
| 8. | Ja, dit is uit onkunde/spottenderwys gevorm. | (1) [5] |
| 9. | Nuutskeppping | (1) [3] |
| 10. | stukkietjie | (1) [4] |
| 11. | Dit bestaan nie meer in die volksmond nie. | (1) [6] |

[11]

 © NB-Uitgewers 2020

## 18. KRITIESE TAALBEWUSTHEID (bl. 80)

### OEFENING 1 (bl. 80–81)

1. Wanneer dit bewys kan word.
2. Eksplisiete boodskap word direk en duidelik oorgedra.
   Implisiete boodskap moet afgelei word.
3. partydigheid
4. stereotipering
5. Gevoelstaal is taal wat emosies opwek, bv. die gebruik van liefkoosde woorde "liefie" of "skat" en manipulerende taalgebruik is taal wat gebruik word om iemand te manipuleer vir jou eie gewin.
6. Denotasie is die woordeboekbetekenis of letterlike betekenis van woorde/frases.
   Konnotasie is die figuurlike betekenis van woorde/frases.

### OEFENING 2 (bl. 80 & 81)

1.1 Jy het dit gedoen wat in die klas gebeur het.
1.2 Jy gaan nou help wegpak.
2.1 Die bewering word gemaak dat slegs Coke lekker is.
2.2 Jou ma se aartappelgereg is die lekkerste dis (gereg) wat daar is, dus is daar geen ander gereg wat vir jou lekker kan wees nie.
3.1 Meisies
3.2 Amerikaners
4. Ek dink jy moet <u>jou karkas verwyder</u>.
5. Jy sal onnosel wees as jy die geleentheid nie aangryp nie.

### OEFENING 3 (bl. 81)

| | | |
|---|---|---|
| 1. | net vir jou | (1) [2] |
| 2. | Die 14de Februarie is 'n groot dag vir blondines, dis baie belangrik. | (1) [3] |
| 3. | Die uitnodiging is vir jou onnodig omdat dit ook jou groot dag is. | (1) [2] |
| 4. | Ja, dit is, want dit dui aan dat dit net blondines se groot dag is. | (1) [5] |
| 5. | Hy weet hoe alle blondines van partytjie hou. | (1) [4] |
| 6. | Dit laat my voel dat ek vinnig moet kaartjies koop voor als uitverkoop is. | (1) [6] |
| | beperkte getal | (1) [2] |

[7]

# 19. KONSEPVRAESTEL 1 NO. 2 (bl. 82–91)

## AFDELING A (bl. 82)

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Afrikaans word baiekeer “flou” gebruik. ✓<br><br>OF<br><br>Afrikaans (Afrikaanse filmmakers/regisseurs) het weer bygekom. ✓ | 1 | 3 |
| 1.1.2 | Die kykkassie (TV) ✓ en die internet ✓ kan dit negatief beïnvloed en dit kan getroef word deur die grootskerm ✓. | 3 | 2 |
| 1.2 | Ons sal nie voorspelbaarheid/soetsappigheid/prekerigheid/ naïewiteit in sy flieks kry nie. ✓✓<br>*Die kandidaat noem ENIGE TWEE.* | 2 | 2 |
| 1.3 | Ja, kaartjieverkope bewys dit. ✓ | 1 | 1 |
| 1.4 | Dit is goeie woordkeuse, want dit gee die gevoel dat die kyker heen ✓ en weer ✓ geslinger word tussen tonele/emosies. | 2 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Kerkorrel is dood ✓ en hy was lid van die Voëlvrybeweging ✓. | 2 | 2 |
| 1.5.2 | Ja, die fliek wys hoe jongmense in opstand gekom het teen apartheid/die samelewing. ✓ | 1 | 4 |
| | "om uiting aan hulle protes" ✓ | 1 | 2 |
| | "hierdie psigedeliese rebellie" ✓ | 1 | 2 |
| | *Die kandidaat moet FRASES aanhaal.* | [3] | |
| 1.6.1 | Die twee temas is waar Afrikaners hulle destyds bevind het/die toekomslose jeug van destyds ✓ EN die Grensoorlog/die omgeploegde alledaagse man ✓. | 2 | 1 |
| 1.6.2 | Albei paragrawe prys die spel van die toneelspelers/verwys na die temas waaroor die fliek handel. ✓ | 1 | 2 |
| 1.7 | Wanneer die kamera stilstaan, gaan dit sleg met die karakters. ✓ | 1 | 1 |
| 1.8 | Hy weet presies hoe ver om te gaan ✓, hy beheer styl ✓ en beeld ✓. | 3 | 2 |
| 1.9 | Dit word as vermetel beskou omdat dit stereotipes nekomdraai ✓, flankeer met die geskiedenis ✓ die stuitige wyse waarop Kerkorrel se liedjies ontstaan het, uitbeeld ✓ en die frustrasie met 'n doodgebore politieke stelsel wys ✓. | 4 | 3 |
| 1.10 | Die publiek hou van liefdesverhale. ✓ | 1 | 3 |
| 1.11 | Die flieks handel albei oor 'n enkele karakter. ✓ | 1 | 3 |
| 1.12 | Hoe korter die flieks gewys het, hoe kleiner sou die inkomste wees. ✓ | 1 | 4 |
| 1.13 | Afrikaanse flieks het relatief min verdien ✓, heel waarskynlik weens ekonomiese druk. ✓ | 2 | 3 |
| | OF | | |
| | Wanneer dit 'n goeie fliek is, soos *Pad na jou hart/Vrou soek Boer* ✓, dan sal die publiek daarvoor betaal ✓. | | |

**[TOTAAL AFDELING A: 30]**

 © NB-Uitgewers 2020

## AFDELING B (bl. 86)

### VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgorde** skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne aangebied** word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- Punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- Punte vir taal
- Puntetotaal: 10

### Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

### Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

### ’n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Bly nuuskierig en vra vrae. Onthou dat geluk van binne kom en daarom moet jy nie geluk aan materiële dinge koppel nie. Wees jonk van gees deur oop te leef en gereed te wees vir die lewe se genietinge. Smaak die bevrediging van harde werk, maar handhaaf ’n balans tussen werk en familielewe. Moenie bang wees vir verandering nie.

**59 woorde**

**[TOTAAL AFDELING B: 10]**

## AFDELING C (bl. 88)

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Kinderbeskermingseenheid (spelling) ✓ | 1 | 2 |
| 3.1.2 | Dit bestaan uit drie stamme en ’n onmiddelike afleidingsmorfeem. | 1 | 4 |
| | OF | | |
| | Dit bestaan uit drie stamme en ’n morfeem. ✓ | | |
| 3.2 | te danke ✓ | 1 | 2 |
| 3.3 | Eeu ✓ | 1 | 2 |
| 3.4 | nié ✓ | 1 | 1 |
| 3.5 | vertroos ✓ | 1 | 6 |
| 3.6 | per ✓ | 1 | 1 |
| 3.7 | Die foto’s met die jaartalle. ✓ | 1 | 5 |
| | OF | | |
| | Die groter opskrif. ✓ | | |
| 3.8 | Die inversie beklemtoon die dankbaarheid wat hulle vir jou ondersteuning het. | 1 | 5 |
| | OF | | |
| | Die opskrif en die foto’s laat die leser sleg voel/jammer voel oor/vir die kinders. ✓ | | |
| | OF | | |
| | Die jaartalle manipuleer die leser want hy/sy besef dit is iets wat nie ophou nie. | | |
| | EN | | |
| | Paragraaf 4 laat dié wat nie geskenk het nie sleg voel. ✓ | 1<br>[2] | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.9 | 1915 en 2015 is verskillende gesiggies soos die advertensie sê, maar beide het kneusplekke/beserings aan hulle gesigte. ✓ | 1 | 2 |
| | | | [11] |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 4.1 | ignoreer – oorganklike hoofwerkwoord ✓ | 1 | 3 |
| | haar – persoonlike voornaamwoord ✓ | 1 | 3 |
| 4.2 | Nee, daar is geen tweeklanke nie. ✓<br>OF<br>Nee, daar is net ’n vokaal en konsonante. ✓ | 1 | 5 |
| 4.3 | haar = ha ✓ | 1 | 1 |
| 4.4 | Die hardwerkende dogter presteer pragtig. ✓ | 1 | 6 |
| 4.5 | Tieners gebruik die woord “cool”. ✓<br>OF<br>Dit is tieners se woordgebruik. ✓ | 1 | 5 |
| 4.6 | praat ✓ | 1 | 2 |
| 4.7 | Google het nou die alfa en omega geword – bó ouers se raad. ✓<br>OF<br>Glo nie die ouers se raad nie, maar glo Google wat nie eintlik daar was tydens die gebeure nie. ✓ | 1 | 3 |
| 4.8 | Ja, die ma en pa se oë dui duidelik hul verbasing aan. ✓<br>OF<br>Die ma slaan haar hand voor haar mond. ✓ | 1 | 5 |
| | | | [9] |

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 5.1 | bewegende ✓ | 1 | 1 |
| | (attributiewe) byvoeglike naamwoord ✓ | 1 | 3 |
| 5.2 | Die woordorde van die tweede sin verander nie. ✓<br>OF<br>Voeg twee hoofsinne aanmekaar. ✓ | 1 | 1 |
| 5.3 | Dit beklemtoon die heftigheid van die geveg beter. ✓ | 1 | 5 |
| 5.4 | Die voël pik die sade op. ✓ | 1 | 6 |
| 5.5 | Die **-n** laat die **-d** wegval. ✓<br>OF<br>Die **-n** laat die **-d** soos ’n **-n** klink. ✓<br>OF<br>Die woord word as *oner*/*onner* uitgespreek. ✓<br>OF<br>Die **-d** word dus deur die **-n** beïnvloed. ✓ | 1 | 2 |
| 5.6 | ’n Kort beklemtoonde klinker laat die medeklinker daarna verdubbel. ✓ | 1 | 6 |
| 5.7 | Ek het ’n gebroke hart nadat my geliefde kat dood is. ✓ | 1 | 6 |
| 5.8 | . . . krummels twis, kom ons . . . ✓ | 1 | 1 |
| | Daar kom ’n komma tussen twee gesegdes. ✓ | 1 | 3 |
| | | | [10] |
| | | | **[TOTAAL AFDELING C: 30]** |

 © NB-Uitgewers 2020

# 20. KONSEPVRAESTEL 3 NO. 2 (bl. 92–100)

## AFDELING A (bl. 92)

### VRAAG 1

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op die plek waar daar gekuier,gespeel en gelag word. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat hierdie plek by hom/haar wek.

[50]

1.2

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus terugskouend op ’n oomblik val waar hy/sy wou gehad het iemand moes luister, maar niemand het nie en dan die gevolg daarvan. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens ten opsigte van die nie-luister en die gevolge fokus. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig aangaande die gevolge wat ander sou wees indien daar wel geluister sou wees, of dan nie.

[50]

1.3

Die opstel sal hoofsaaklik beredenerend/argumenterend aangebied word. By ŉ argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat oortuig of kennis wel mag is, al dan nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat kennis mag is. As verhaal kan die kandidaat oor ŉ insident skryf wat hom/haar laat besef het kennis is mag. In ŉ beskrywende opstel kan die kandidaat die oomblik toe kennis mag was, beskryf.

[50]

1.4

ŉ Beskrywende opstel kan die partytjie waar musiek dit gemaak of gebreek het, beskryf. Indien ŉ verhalende opstel aangebied word, sal die fokus op die geslaagde/mislukte partytjie a.g.v. die musiek val. By ŉ argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat oortuig of musiek wel ’n partytjie kan maak of breek, al dan nie.

[50]

1.5

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op die geliefde (letterlik/figuurlik) se innerlike (hart), uiterlike (lippe) én hoe die skrywer hom/haar ervaar,val. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens fokus wat die geliefde se innerlike, uiterlike en sy/haar ervaring van hom/haar by die skrywer wek. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat die geliefde ’n verslawende effek op hom/haar het.

[50]

1.6.1

Indien die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op die twee hartjies val of die feit dat die water nie hierdie twee hartjies in die sand kan uitwis nie. By ŉ beskrywende inhoud kan die kandidaat die gevoelens wat deur die verhouding opgeroep word, beskryf. Die twee hartjies/die brandertjies kan selfs ook die spreker wees.

[50]

1.6.2

Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel aanbied oor ŉ besoek aan die tandarts. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat die tandarts beskryf of die emosies wat ’n besoek aan die tandarts by hom/haar ontlok. In ŉ bespiegelende skryfstuk kan daar oor die vrese van ’n besoek aan die tandarts bespiegel word.

[50]

1.6.3

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan ’n verhalende opstel oor die liefde vir grond/plante/tuinwerk van kindsbeen skryf. ŉ Beskrywende opstel kan die emosies wat gepaardgaan met die werk in die tuin/met grond/met plante, beskryf. Indien die kandidaat argumenteer/redeneer oor die bewaring van ons natuur, kan die opstel as ŉ beredeneerde/argumenterende opstel slaag. ŉ Bespiegelende opstel kan fokus op die noodsaaklikheid, al dan nie, van in kontak wees met die natuur.

[50]

**[TOTAAL AFDELING A: 50]**

## AFDELING B (bl.95)

### 2.1 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Die brief handel oor die netheid van die parkeerarea van die Sonskyn-winkelsentrum. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die netheid van die parkeerarea en die slegte beeld wat dit van die gemeenskap weergee.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

### 2.2 RESENSIE

Die kandidaat gee ’n individuele respons oor die voorgeskrewe drama, *My Japan*. Toepaslike feite, byvoorbeeld die naam van die drama/dramaturg/karakters, ens. word in die resensie aangebied. Hou die volgende in gedagte:

- Resensies word nie altyd volgens ’n vaste formaat geskryf nie.
- Goeie resensies probeer om regverdig, maar eerlik/subjektief te wees.
- Humor kan in resensies gebruik word.
- Gee jou as die resensent se mening oor ’n werk.
- Jou mening as resensent is gewoonlik subjektief.

[25]

**2.3 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Die brief fokus op die slaggate waarin iemand op hoërskool kan trap én aanmoediging om nuwe maats te maak. Hou die volgende in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet sy/haar niggie waarsku oor die slaggate van hoërskool EN aanmoedig om nuwe vriende te maak.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer (die kandidaat) se naam.

[25]

**2.4 DIALOOG**

Die fokus van die gesprek val op die feit dat uiterlike vertoon en bepalings nie bepalend is nie. Beide sprekers se standpunt word gegee. Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer 'n gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Na elke spreekbeurt word 'n reël oopgelaat.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies aangedui, bv. Anna: *(met dringendheid)* Ons gaan na . . . / Anna *(met dringendheid)*:Ons gaan na . . .
- 'n Scenario kan geskep word voordat die dialoog geskryf word.
- Let daarop dat geen aanhalingstekens by die dialoog gebruik word nie.

[25]

**2.5 TYDSKRIFARTIKEL**

Die artikel handel oor die voor- en nadele van sosiale media. Hou die volgende in gedagte:

- Stel die feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- 'n Subtitel kan gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan gegee/gebruik word.
- Die voor- en nadele van sosiale media word gegee.

[25]

**2.6 INFORMELE VERSLAG**

Die verslag handel oor wat die kandidaat/skrywer gedurende die eksamen gesien het. Hou die volgende in gedagte:

- Gee presiese terugvoering oor die gebeure (datum, tyd en plek).
- Feitelike besonderhede oor WIE, HOEKOM, WANNEER, WAAR, WAT en HOE is belangrik.
- Die skrywer se persoonlike inligting (volle naam, ID-nommer, kontaknommer en adres) moet verskaf word.
- Uitbreiding van besonderhede moet verskaf word.

- ’n Samevatting/gevolgtrekking aan die einde is nodig.
- Dit word in die eerste persoon geskryf.
- Informele taal word gebruik.

[25]

**[TOTAAL AFDELING B: 50]**

**[GROOTTOTAAL: 100]**

 © NB-Uitgewers 2020

# 21. KONSEPVRAESTEL 1 NO. 3 (bl. 101–110)

## AFDELING A (bl. 101)

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Die sin is ’n retoriese vraag. ✓<br><br>OF<br><br>Die sin is ’n vraag wat die leser dus betrek. ✓ | 1 | 2 |
| 1.2 | Die skrywer wonder of daar deesdae meer mense kan kook as voorheen ✓ en of daar meer goeie kokke is ✓. | 2 | 1 |
| 1.3 | Dit is ’n mening ✓, aangesien dit die skrywer se opinie is ✓.<br><br>OF<br><br>Dit is ’n mening ✓, dit word nie met statistiek bewys is nie/dit is nie deur navorsing bevestig is nie. ✓ | 2 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4 | Die moderne leefstyl is gejaagd ✓, mense het min geld ✓ en leef van wegneemetes ✓. | 3 | 2 |
| 1.5 | Jy wil jouself skop wanneer jy toelaat dat eenvoudige resepte verlore gaan. ✓ | 1 | 1 |
| 1.6 | Dit is **besondere** geregte se resepte uit die skrywer se **kinderdae** wat net **nie meer verkrygbaar** is nie. ✓ | 1 | 3 |
| 1.7 | Die oorspronklike resep het verlore gegaan OF Die geïmproviseerde resep kom net nie reg uit nie ✓, die metode is nie volledig omskryf nie ✓ en sekere bestanddele is uitgelaat ✓. | 3 | 2 |
| 1.8 | Die resepte is gekompliseerd ✓ en deesdae se geurmiddels is vreemd/uitheems ✓. | 2 | 3 |
| 1.9 | Dit suggereer ongeloof. ✓ | 1 | 3 |
| 1.10 | Die skrywer het het disse opgetower, wat dus bewys dat hy dit sonder resep gemaak het. ✓ | 1 | 4 |
| 1.11 | Dit is smake wat aan die eter bekend is. ✓ | 1 | 3 |
| 1.12 | Dit skep die indruk dat jy gereeld genooi moet word vir etes ✓, dat jy van vreemde kosse moet hou al begeer jy doodgewone disse ✓, nageregte moet vreemde name hê ✓ en jou porsies moet piepklein, maar duur wees ✓. | 4 | 3 |
| 1.13 | Eksperimenteer met kos/resepte ✓, maar moenie ver wegbeweeg van ons eie resepte/disse nie ✓. | 2 | 2 |
| 1.14 | *Maklike treffers* OF *Sonder resep* ✓ | 1 | 5 |
| 1.15.1 | *Kook en Geniet*/*Maklike treffers* – ’n Melktert is ’n ou resep en die *Kook en geniet* resepteboek is ook oud OF ’n melktert is maklik om te maak en altyd ’n treffer. ✓ | 1 | 4 |
| 1.15.2 | *Sonder resep*, daar word nie met spesifieke hoeveelhede/maateenhede gewerk nie. ✓ | 1 | 3 |
| 1.15.3 | *Potjiekos uit Afrika* – dit klink soos iets wat ná ’n jagekspedisie gekook sou word. ✓ | 1 | |
| 1.16 | Teks B handel oor resepteboeke en Teks A handel oor resepte/disse. ✓ | 1 | 2 |
| | | | **[TOTAAL AFDELING A: 30]** |

## AFDELING B (bl. 105)

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgorde** skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne aangebied** word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- Punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- Punte vir taal
- Puntetotaal: 10

### Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

### Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

### 'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Baie onskadelike stofmyte kom tussen jou bedlakens voor; tog gril min mense. Daarteenoor gril mense vir brandluise wat min op jou vel voorkom. Seker omdat hulle tonnels in jou vel grawe en bloed drink. Krulbenerige kopluise gril mense, omdat hulle in redelike hoeveelhede op jou kopvel voorkom. Alhoewel vlooie vier maande in die donker, warm plekke sonder jou bloed kan klaar kom, gril mense redelik vir hulle. Oogmyte is onsigbaar klein en leef in klein hoeveelhede op die vuiligheid van jou oë. Dus gril mense nie vir hulle nie.

**90 woorde**

## AFDELING C (bl. 107)

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Meervoude van selfstandige naamwoorde wat op ’n **-o** eindig, kry ’n afkappingsteken in die meervoud. ✓ | 1 | 2 |
| 3.2 | Albei handel oor die vrou wat goedkoper premies bepaal. ✓ | 1 | 3 |
| | OF | | |
| | Die spaarvarkies sluit aan by die geld wat ’n vrou by VivaVerseker spaar. ✓ | | |
| 3.3 | Versekeringsrisiko’<u>s</u> (die afkappings ’s) ✓ | 1 | 2 |
| 3.4 | Persoonlike ✓ | 1 | 3 |
| | Leerder se eie sin, bv. Dit is **jou** skuld. ✓ (Besitlike v.nw.) | 1 | 6 |
| 3.5 | Om te skakel (reël 5) ✓ | 1 | 4 |
| 3.6 | Die advertensie is geslaagd, want die visuele teks trek aandag. ✓ | 1 | 4 |
| | OF | | |
| | Die mooi meisie trek aandag. ✓ | | |
| | OF | | |
| | Die verskillende soorte skrif is treffend. ✓ | | |
| | OF | | |
| | Die slagspreuk trek aandag. ✓ | | |
| 3.7 | <u>emigreer</u> ✓ | 1 | 2 |
| | Die gesin gaan VERLAAT Suid-Afrika en gaan na Amerika. ✓ | 1 | 4 |
| | | [2] | |
| | | | [9] |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Nie dieselfde nie. ✓<br><br>OF<br><br>Verskillend ✓ | 1 | 2 |
| 4.2 | Leerder se eie verklarende sin, bv. Vind asseblief uit wie na die vergadering kan kom. ✓ | 1 | 6 |
| 4.3 | my ✓ | 1 | 1 |
| 4.4 | Dit bestaan uit twee stamme en 'n afleiding. ✓ | 1 | 4 |
| 4.5 | Oorganklik ✓<br>Die werkwoord word deur 'n voorwerp gevolg. ✓ | 1<br>1<br>[2] | 3<br>1 |
| 4.6 | Dit is gepas, want daar word vrae gevra. ✓ | 1 | 5 |
| 4.7 | Gefrustreerd OF moeilik OF kwaad ✓ | 1 | 3 |
| 4.8 | Persoonlike voornaamwoord. ✓ | 1 | 3 |
| 4.9 | Enige van die volgende drie moontlike antwoorde:<br><br>Haar mond is groot oop. ✓<br><br>OF<br><br>Sy skree so dat jy haar kleintongetjie kan sien. ✓<br><br>OF<br><br>Haar oë toegeknyp is. ✓ | 1 | 2 |
| | | | [10] |

 © NB-Uitgewers 2020

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Die woord in reël 1 is ’n koppelwerkwoord. ✓<br>Die woord in reël 2 is ’n hulpwerkwoord. ✓ | 2 | 2 |
| 5.2 | Luidens OF Volgens ✓ | 1 | 2 |
| 5.3 | Enige EEN van die volgende moontlike bepalers as ‘n nuwe samestelling:<br><br>verslagboek OF verslagvorm ✓ | 1 | 6 |
| 5.4 | ’n Fenomeen is ’n merkwaardige lug- of natuurverskynsel. ✓<br>Byvoeglike naamwoord: fenomenaal OF fenomenale ✓ | 1<br>1<br>[2] | 1<br>6 |
| 5.5 | Leerder se eie verklarende sin, bv. Ná die brand lê die stad in **puin**. ✓ | 1 | 4 |
| 5.6 | Die verbuiging is noodsaaklik, want dit is ’n attributiewe byvoeglike naamwoord. ✓ | 1 | 5 |
| 5.7 | Begrafnis ✓<br>Eenuur ✓<br>Aggressief ✓ | 1<br>1<br>1<br>[3] | 4<br>4<br>4 |
| | | | [11] |
| | | | **[TOTAAL AFDELING C: 30]** |

# 22. KONSEPVRAESTEL 3 NO. 3 (bl. 111)

## AFDELING A (bl. 111)

### VRAAG 1

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op die droomwêreld wat troos bied en ook die redes waarom. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat hierdie droomwêreld by hom/haar wek. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig aangaande die troos wat 'n droomwêreld eerder bied as die realiteit, of dan nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat die droomwêreld vertroosting bied.

[50]

1.2

Die opstel sal hoofsaaklik beredenerend/argumenterend aangebied word. By ŉ argumenterende/beredeneerde aanbieding kan die kandidaat oortuig of ons land werklik 'n demokrasie is, al dan nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit of ons 'n demokrasie is. Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus terugskouend op 'n oomblik val waar hy/sy wou besef het dat ons werklik 'n demokratiese land is/nie werklik 'n demokratiese land is nie.

[50]

1.3

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op 'n verhaal wat wys dat vrienskap baie kosbaar is. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat vriendskap by hom/haar wek. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy perspektief oortuig dat niks kosbaarder is as vriendskap nie. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die kosbaarheid van vriendskap.

[50]

1.4

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op 'n gebeurtenis waar hy/sy besef het hulle is nie alleen nie. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat die wete dat hy/sy nie alleen is nie by hom/haar wek. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig dat nie alleen op aarde is nie – daar kan 'n ander mensspesie dalk wees. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat die mens nie alleen is nie.

[50]

1.5

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op die gebeurtenis waartydens herinneringe hom/haar tydens 'n onaangename tydperk deurgedra het,

val. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens fokus wat aangename herinneringe tydens ’n onaangename tydperk by hom wek. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat aangename herinneringe jou wél deur ’n donker tydperk kan dra.

[50]

1.6.1

Indien die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op die twee horlosies val of die feit dat horlosies se tyd verskil. By ŉ beskrywende inhoud kan die kandidaat die gevoelens wat deur die horlosies/tyd wat verby tik opgeroep word, beskryf. Die twee horlosies kan selfs ook die sprekers wees.

[50]

1.6.2

Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel aanbied oor ŉ foto/die lewe van ’n fotograaf. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat die foto/lewe van ’n fotograaf beskryf OF die emosies wat die spesifieke geredigeerde foto (Photoshop) van die vrou by hom/haar ontlok ten opsigte van mense wat nie tevrede is met hulle ware self nie en foto’s redigeer/“dokter” en op sosiale media plaas. In ŉ bespiegelende skryfstuk kan daar oor die waarde van foto’s in die algemeen bespiegel word.

[50]

1.6.3

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan ’n verhalende opstel oor die gebare boodskap/die lewe van ’n dowe persoon skryf. ŉ Beskrywende opstel kan die emosies wat gepaardgaan met die boodskap of in die lewe van ’n dowe, beskryf. Indien die kandidaat argumenteer/redeneer oor die plek van gebaretaal in die samelewing, kan die opstel as ŉ beredeneerde/argumenterende opstel slaag. ŉ Bespiegelende opstel kan fokus op die noodsaaklikheid, al dan nie, van gebaretaal.

[50]

**[TOTAAL AFDELING A: 50]**

## AFDELING B (bl. 113)

### 2.1 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Die brief handel oor die besorgdheid dat ál minder Afrikaans op televisie gehoor word en voorstelle oor hoe dit reggestel kan word. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die skrywer se besorgdheid dat ál minder Afrikaans op televisie gehoor word en die maak van voorstelle oor hoe dit reggestel kan word.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

### 2.2 HULDEBLYK

Die kandidaat bring hulde aan een van sy/haar klasmaats. Die kandidaat kan verwys na die noue band tussen hom/haar en die klasmaat/die besondere mens/vriend wat die klasmaat was. Hou die volgende in gedagte:

- Naam en van van die persoon aan wie hulde gebring word.
- Gebeure en staaltjies oor die klasmaat word gegee.
- Persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet ŉ duidelike beeld van die klasmaat en sy/haar dade kan vorm.
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Vermy oordrewe sentimentaliteit.
- Gebruik kort, bondige sinne.
- Die inhoud van die huldeblyk moet in paragrawe aangebied word.
- Let daarop dat die kandidaat aan ŉ gestorwe persoon hulde bring.

[25]

### 2.3 RESENSIE

Die kandidaat gee ’n individuele respons oor die voorgeskrewe roman, *Onderwêreld*. Toepaslike feite, byvoorbeeld die naam van die roman/skrywer/karakters, ens. word in die resensie aangebied. Hou die volgende in gedagte:

- Resensies word nie altyd volgens ’n vaste formaat geskryf nie.
- Goeie resensies probeer om regverdig, maar eerlik/subjektief te wees.
- Humor kan in resensies gebruik word.
- Gee jou mening as die resensent se mening oor ’n werk.
- Jou mening as die resensent is gewoonlik subjektief.

[25]

### 2.4 TYDSKRIFARTIKEL

Die artikel handel oor die verhouding tussen tieners en ouers wat wél kan werk. Hou die volgende in gedagte:

- Stel die feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- ŉ Subtitel kan gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan gegee/gebruik word.
- Die redes waarom tieners en ouers se verhouding kan werk./Die voorstelle hoe jy jou en jou ouers se verhouding kan laat werk, word gegee.

[25]

### 2.5 FORMELE VERSLAG

Die verslag handel die lawwe pret wat skeefgeloop het. Hou die volgende in gedagte:

- Gee presiese terugvoering oor die gebeure (datum, tyd en plek).
- Feitelike besonderhede oor WIE, HOEKOM, WANNEER, WAAR, WAT en HOE is belangrik.
- Die skrywer se persoonlike inligting (volle naam, ID-nommer, kontaknommer en adres) moet verskaf word.
- Uitbreiding van besonderhede moet verskaf word.

- ’n Samevatting/gevolgtrekking aan die einde is nodig.
- Dit word in die eerste persoon geskryf.
- Saaklike, formele taal word gebruik.

[25]

**2.6 ONDERHOUD**

Die onderhoud is met Spoegwolf se hooflid, Danie du Toit. Die onderhoud handel oor sy musiekloopbaan en persoonlike lewe. Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer ŉ gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke nuwe spreekbeurt word op ŉ volgende reël geskryf.
- Gebruik ŉ dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies, voor die spreker praat, aangedui, bv. Pieter: (apologeties) . . . of Piet (apologeties): . . .
- ŉ Scenario kan geskep word voordat die dialoog/onderhoud geskryf word.
- Die onderhoud kan in dialoog-/onderhoudvorm aangebied word.

[25]

**2.7 DIALOOG**

Die fokus van die gesprek val op die pret wat skeef geloop het en ’n besering tot gevolg gehad het. Beide sprekers se weergae word gegee. Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer ŉ gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Na elke spreekbeurt word ŉ reël oopgelaat.
- Gebruik ŉ dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies aangedui, bv. Anna: *(met dringendheid)* Ons gaan na . . . / Anna *(met dringendheid)*: Ons gaan na . . .
- ŉ Scenario kan geskep word voordat die dialoog geskryf word.
- Let daarop dat geen aanhalingstekens by die dialoog gebruik word nie.

[25]

**[TOTAAL AFDELING B: 50]**

**[GROOTTOTAAL: 100]**

# 23. KONSEPVRAESTEL 1 NO. 4 (bl. 119–130)

## AFDELING A (bl. 119)

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING- vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Digitale kommunikasievorms word al hoe meer gebruik. ✓ | 1 | 1 |
| 1.2 | Ja,”uitsterf”. ✓ | 1 | 2 |
| 1.3 | Die drukpers ✓ en tikmasjien ✓ het handgeskrewe kommunikasie bedreig. | 2 | 1 |
| 1.4 | Sy het die nodige kennis, want sy is ’n professor. ✓<br>Sy dra gesag, want sy staan aan die hoof van die departement grafiese ontwerp aan ’n universiteit. ✓ | 2 | 3 |
| 1.5 | Dit hou emosionele betekenis vir die leser in. ✓<br>Dit hou emosionele betekenis vir die skrywer in. ✓<br>Dit ontwikkel motoriese vaardighede. ✓<br>Dit ontwikkel kognitiewe vaardighede. ✓ | 4 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.6 | Ja, want handskrif speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van vaardighede ✓, maar die omgewing/wêreld raak egter toenemend digitaal ✓. | 2 | 5 |
| | EN | | |
| | Handskrif word nog steeds gebruik, daarom is daar nie rede tot paniek nie. ✓ | 1<br>[3] | 4 |
| 1.7 | Leerders se persepsie sal nie ontwikkel nie ✓, hulle sal sukkel om letters/klanke uit te ken ✓ en hulle sal nie woorde herken nie ✓. | 3 | 4 |
| 1.8 | Nie almal sal die vervangingsmiddel vir handskrif, bv. tegnologie kan bekostig nie. ✓ | 1 | 3 |
| | Leerders sal akademies swakker vaar. ✓ | 1 | 1 |
| 1.9 | Jy kan ’n beter werk kry. ✓ | 2 | 2 |
| | EN/OF | | |
| | Skryf kweek selfrespek. ✓ | | |
| | EN/OF | | |
| | Jy kan beter omstandighede vir jou en jou gesin skep. ✓ | | |
| | *Die kandidaat verskaf enige van dié TWEE vir TWEE punte.* | | |
| 1.10 | Daar is kognitiewe ✓ en motoriese ✓ verskille. | 2 | 2 |
| | EN | | |
| | Leerders kan letters makliker herken. ✓ | 1<br>[3] | 3 |
| 1.11 | Die skrywer se woorde is geslaagd, want daar is bewys daar sal altyd plek wees vir handgeskepte kommunikasie. ✓ | 1 | 4 |
| | OF | | |
| | Die skrywer se woorde is geslaagd, want handgeskepte kommunikasie sal altyd daar wees. ✓ | | |
| 1.12 | Die statistiek op die swartbord. ✓ | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | Matrieksertifikate beteken al hoe minder vir ’n leerder se toekoms.<br><br>OF<br><br>Werkloosheid ten spyte van ’n matrieksertifikaat. ✓ | 1 | 3 |
| 1.14 | Leerders neem onvanpaste vakke/vakke wat nie nodig is vir hulle beroepe nie. ✓ | 1 | 3 |
| 1.15. | Hulle kan nie skool toe gaan nie/klas kry nie, want hulle is druipelinge. ✓ | 1 | 3 |
| 1.16 | Die matrieks vaar elke jaar al hoe swakker, want nie almal het toegang tot hulpmiddele nie. ✓ | 1 | 2 |
| | | | **[TOTAAL AFDELING A: 30]** |

## AFDELING B (bl. 123)

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne, in enige volgorde** skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne aangebied** word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

### Punte word soos volg toegeken:

- Punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
- Punte vir taal
- Puntetotaal: 10

### Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

### Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:

- 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.

- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**’n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Skenk aandag aan wat jou kind sê en prys hom/haar terwyl julle gesels. Verseker jou kinders hulle is ’n prioriteit en wys jou omgee deur soms alleen met hulle te kuier. Stel egter ook in hulle vriende belang. Vergeet van die negatiewe dinge wat tot die verlede behoort en geniet die hede saam met jou kind.

**56 woorde**

**[TOTAAL AFDELING B: 10]**

## AFDELING C (bl. 126)

## VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Afrikaans verjaar./Afrikaans presteer. ✓ | 1 | 3 |
| 3.2 | kolwyntjie ✓ | 1 | 1 |
| 3.3 | Dit is ’n koppeling van ’n syfer met ’n soortnaam. ✓ | 1 | 5 |
| 3.4 | Konnatatief ✓ | 1 | 2 |
| 3.5 | Voegwoord ✓ | 1 | 3 |
| 3.6 | My/sy/jou/ons/hulle. ✓ | 1 | 3 |
| 3.7 | kombuistaal ✓ | 1 | 2 |
| 3.8 | Die parlementêre sitting is aan die gang.<br>*Die kandidaat moet die word korrek spel.* | 1 | 6 |
| 3.9 | Die aap uit die mou laat – die geheim te verklap. ✓<br>OF<br>’n Bloukous wees – ’n pretbederwer wees./’n Geleerde vrou wat haar van gewone alledaagse goed distansieer. ✓ | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.10 | geskrewe/skrif ✓ | 1 | 6 |
| | | | [10] |

## VRAAG 4

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Ja, dit beklemtoon die opgewondenheid. ✓ | 1 | 5 |
| 4.2 | paadjie ✓<br>*Die kandidaat MOET die woord korrek spel.* | 1 | 1 |
| 4.3 | na ✓ | 1 | 2 |
| 4.4 | Leerder se eie sin, bv. Die kan is vol koffie. ✓ | 1 | 1 |
| 4.5 | lewe/beleef/belewe.belewenis/geleef ✓ | 1 | 3 |
| 4.6 | vandag ✓ | 1 | 2 |
| 4.7 | Dui op ’n denkproses. ✓ | 1 | 3 |
| 4.8 | Oorganklik ✓ | 1 | 2 |
| 4.9 | goed ✓<br>*Die kandidaat moet die woord korrek spel.* | 1 | 1 |
| 4.10 | Hägar praat van more in die algemeen en Eddie dink hy bedoel letterlik die volgende dag, Saterdag. ✓ | 1 | 2 |
| | | | [10] |

## VRAAG 5

| Vraag | Antwoord | Punt | Bloom |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Vokaalreduksie OF Assimilasie ✓ | 1 | 2 |
| 5.2 | Samestellende afleiding ✓ | 1 | 2 |
| 5.3 | Dit is ’n komma tussen twee gesegdes. ✓ | 1 | 3 |
| 5.4 | Om te koop ✓ | 1 | 2 |
| 5.5 | Dit dui ekstra inligting aan. ✓ | 1 | 3 |
| 5.6 | Dit vorm ’n persoonsnaam. ✓ | 1 | 3 |
| 5.7 | gewild ✓ | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.8 | allerbeste ✓ | 1 | 1 |
| 5.9 | stafiekode OF stafiehouer. ✓ | 1 | 6 |
| 5.10 | Dit stereotipeer dat alle Suid-Afrikaners van sjokolade hou. ✓ | 1 | 5 |

[10]

**[TOTAAL AFDELING C: 30]**

 © NB-Uitgewers 2020

# 24. KONSEPVRAESTEL 3 NO. 4 (bl. 131–139)

## AFDELING A (bl. 131)

### VRAAG 1

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op dit wees wat sy/haar hemel is. In ŉ beskrywende opstel sal die leerder op sy/haar gevoelens fokus wat die stukkie hemel by hom/haar wakker maak. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor sy/haar stukkie hemel.

[50]

1.2

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus op al die dinge wat die kandidaat wil doen voor hy/sy sterf asook waarom hy/sy die spesifieke dinge wil doen, val. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op gevoelens fokus wat die doendinge by die skrywer wek. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die waarom dié doendinge gedoen moet word alvorens hy/sy sterf.

[50]

1.3

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op ’n gebeurtenis waar hy/sy die bitterheid van negatiwiteit beleef het. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat negatiwiteit by hom/haar wek. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy/haar perspektief oortuig dat negatiwiteit bitter is. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat negatiwiteit bitter is.

[50]

1.4

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op ‘n gebeurtenis waar hy/sy besef het hulle is nie alleen in die wêreld nie en dat daar werklik mense is wat hom/haar bystaan in moeilike tye. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens fokus wat die wete dat hy/sy nie alleen is nie by hom/haar wek. Indien die kandidaat ŉ argumenterende of beredeneerde opstel aanbied, kan die kandidaat op ŉ subjektiewe wyse die leser van sy perspektief oortuig dat hy/sy nie alleen voel nie – daar is mense wat jou bystaan. Indien dit as ŉ bespiegelende opstel gehanteer word, besin die kandidaat oor die feit dat die mens nie alleen is nie.

[50]

1.5

Indien die kandidaat die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aanbied, sal die fokus val op ’n gebeurtenis waar Susara die waarheid kry. In ŉ beskrywende opstel sal die kandidaat op die gevoelens van Susara fokus wanneer sy voor die waarheid te staan kom.

[50]

1.6.1

Indien die opstel as ŉ verhalende skryfstuk aangebied word, sal die fokus op die twee persone val en hul verhouding belig. By ŉ beskrywende inhoud kan die kandidaat die gevoelens wat die dansende paartjie/een van die karakters ervaar, beskryf. Een van die twee karakters kan ook die spreker wees.

[50]

1.6.2

Die kandidaat kan ŉ verhalende opstel aanbied oor ŉ treinrit of oor mense se lewenspaaie wat kruis/gekruis het – letterlik of figuurlik. Die opstel kan beskrywend aangebied word wanneer die kandidaat letterlike treinrit beskryf of die emosies wat 'n letterlike of figuurlike treinrit by hom/haar ontlok. In ŉ bespiegelende skryfstuk kan daar oor 'n figuurlike treinrit/lewensreis bespiegel word.

[50]

1.6.3

Hierdie prikkel leen hom tot verskeie interpretasies. Die kandidaat kan 'n verhalende opstel oor dit wat in die klas gebeur wat gesê word tussen die twee karakters skryf. ŉ Beskrywende opstel kan die emosies wat in 'n klas ervaar word wanneer ander rondom jou saggies gesels, beskryf. Indien die kandidaat argumenteer/redeneer oor die swak dissipline in klasse/die geskinder onder meisies, kan die opstel as ŉ beredeneerde/argumenterende opstel slaag.

[50]

**[TOTAAL AFDELING A: 50]**

## AFDELING B (bl. 134)

### 2.1 FORMELE BRIEF: AANSOEK

Die brief handel oor ŉ aansoek vir 'n studielening. Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ŉ aanhef, ŉ inhoudsopskrif en ŉ gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die studielening. Gebruik die inligting van die advertensie om die brief saam te stel.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ŉ formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer (die kandidaat) se voorletters en van moet gegee word.

[25]

### 2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die brief fokus op die seun se houding jeens sy ouers se inmenging in sy lewe. Hou die volgende in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet aan die tiener terugskryf oor sy hantering van sy ouers,sy daggagebruik en die inmenging van sy ouers in sy lewe.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens ŉ spesifieke doel.
- Daar moet ŉ inleiding, liggaam en slot wees.

- Die adres en datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg ŉ informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer (die kandidaat) se naam.

[25]

**2.3 DIALOOG**

Die fokus van die gesprek val op die krisis(se) wat beleef word. Een spreker behoort die ander te vertroos. Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer ŉ gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Na elke spreekbeurt word ŉ reël oopgelaat.
- Gebruik ŉ dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies aangedui, bv. Anna: *(met dringendheid)* Ons gaan na . . . / Anna *(met dringendheid)*: Ons gaan na . . .
- ŉ Scenario kan geskep word voordat die dialoog geskryf word.
- Let daarop dat geen aanhalingstekens by die dialoog gebruik word nie.

[25]

**2.4 KOERANTARTIKEL**

Die koerantartikel fokus op die chaos wat uitgebreek het met uitbreek van een van die sirkus se wilde diere. Die skrywer kan ’n objektiewe standpunt vir of teen die onderwerp inneem.
Hou die volgende in gedagte:

- Stel feite kortliks en akkuraat.
- Belangrike en relevante feite moet objektief gegee word.
- ’n Subtitel kan ook gegee word.
- Menings van kundiges oor hierdie onderwerp kan deel van die artikel se inhoud vorm.

[25]

**2.5 TOESPRAAK**

Die toespraak word uit die oogpunt van Wayde van Niekerk geskryf. Die toespraak fokus op om jou talente te ontwikkel en jou drome na te streef/om teen boelies op te staan. Hou die volgende in gedagte:

- Die styl is informeel. Gee aandag aan: WANNEER, WAAR, HOEKOM, WIE en WAT.
- Inleiding moet belangstelling wek.
- Ontwikkel weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde word gebruik.
- Slot moet die gehoor tot nadenke stem; is nie noodwendig ŉ samevatting van die toespraak nie.
- Klem behoort te val op hoe om jou talente te ontwikkel en jou drome na te jaag/om standpunt in te neem teen boelies.

[25]

**2.6 NOTULE**

Tydens hierdie vergadering is die fokus op die werkslading van die gr. 11-leerders wat aan die revue deelneem. Dit gee ook aandag aan die hokkievelde, selfoonverbod, assesseringstake en huiswerk. Hou die volgende in gedagte:

- Die notule behoort die aanvaarding van die vorige notule aan te dui, die naam van die vereniging/organisasie asook die datum, tyd en plek van vergadering.

- ’n Presensielys behoort aangedui te word.
- Besluite word genotuleer.
- Dit word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Onbenullighede word uitgelaat.

[25]
**[TOTAAL AFDELING B: 50]**
**[GROOTTOTAAL: 100]**

# ASSESSERINGSRUBRIEK: TRANSAKSIONELE TEKSE (HUISTAAL)

**25 PUNTE**

| KRITERIA | UITSON-DERLIK | KNAP | GEMID-DELD | ELEMEN-TÊR | ONVOL-DOENDE |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLAN-NING EN FORMAAT**<br>• Respons op en idees in teks<br>• Organi-sering van idees<br>• Bewus van doel, gehoor en konteks van teks<br><br>**15 PUNTE** | 13–15<br>• Uitstaande en treffende respons; bo verwagting<br>• Intelligente en volwasse idees<br>• Grondige kennis van kenmerke van teks<br>• Skryfstuk behou fokus<br>• Inhoud en idees same-hangend<br>• Idees uitgebreid en behou fokus<br>• Gepaste en akkurate formaat | 10–12<br>• Baie goeie respons; toon ’n goeie kennis van kenmerke van teks<br>• Behou fokus – geen afwyking<br>• Inhoud en idees same-hangend, uitgebreid en beson-derhede onder-steun die onder-werp<br>• Gepaste formaat; geringe afwykings | 7–9<br>• Respons voldoende; toon kennis van kenmerke van teks<br>• Toon tekens dat fokus behou word; enkele afwykings<br>• Inhoud en idees redelik same-hangend<br>• Sommige besonder-hede onder-steun die onderwerp<br>• Formaat oorwegend gepas, maar afwykings kom voor | 4–6<br>• Respons basies; toon geringe kennis van teks<br>• Behou nie fokus nie; wyk af<br>• Inhoud en idees nie altyd same-hangend nie<br>• Baie min besonder-hede ondersteun die onderwerp<br>• Onseker van formaat van teks; enkele, kritiese en nalatige foute | 0–3<br>• Respons toon geen kennis van kenmerke van teks nie<br>• Betekenis is onduidelik<br>• Geen samehang in idees en inhoud nie<br>• Geen besonder-hede ondersteun die onderwerp nie<br>• Formaat van teks nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL EN REDIGE-RING**<br>• Toon, register, styl en woorde-skat is geskik vir doel/effek en konteks<br>• Woord-keuse, taalge-bruik en konven-sies, punk-tuasie, gramma-tika en spelling<br><br>**10 PUNTE** | 9–10<br>• Toon, register, styl, woorde-skat, hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br>• Gram-matika akkuraat; struktuur uitstekend<br>• Feitlik foutloos | 7–8<br>• Toon, register, styl, woorde-skat, baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br>• Gramma-tika in die algemeen korrek; struktuur goed<br>• Feitlik foutloos | 5–6<br>• Toon, register, styl, woorde-skat, geskik vir doel, gehoor en konteks<br>• Enkele gramma-tikafoute<br>• Foute belemmer nie die betekenis nie | 3–4<br>• Toon, register, styl, woorde-skat, pas nie altyd by die doel, gehoor en konteks nie<br>• Gramma-tika onakkuraat en bevat baie foute<br>• Betekenis onduidelik | 0–2<br>• Toon, register, styl, woorde-skat, nie geskik vir doel, gehoor en konteks nie<br>• Besaai met foute<br>• Betekenis onduidelik |

[Bron: Oos-Kaap Onderwysdepartement, November 2016]

## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL [50 PUNTE]

| KRITERIA | | UITSONDERLIK | KNAP | GEMIDDELD | ELEMENTÊR | ONVOLDOENDE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br>• Respons op en idees in teks<br>• Organisering van idees<br>• Bewus van die doel, gehoor en konteks van teks<br><br>**30 PUNTE** | **HOË SUBKATEGORIE** | 28–30 | 22–24 | 16–18 | 10–12 | 4–6 |
| | | • Uitstaande en treffende respons; bó verwagting<br>• Intelligent, stem leser tot nadenke en volwasse idees<br>• Organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – is uitsonderlik en samehangend | • Goed saamgestelde respons<br>• Idees is oortuigend, interessant en toon bewyse van volwassenheid<br>• Organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – is baie goed en samehangend | • Bevredigende respons<br>• Idees is oortuigend en redelik samehangend<br>• Organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – is redelik samehangend | • Idees is onoorspronklik en onduidelik<br>• Samehang is onkonsekwent<br>• Geringe bewys van organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – en samehang | • Idees is deurmekaar en ongefokus<br>• Ontoespaslike respons<br>• Vaag en herhalend<br>• Ongeorganiseerd en onsamehangend |
| | **LAE SUBKATEGORIE** | 25–27 | 19–21 | 13–15 | 7–9 | 0–3 |
| | | • Uitmuntende respons, maar uitstaande en treffende eienskappe ontbreek<br>• Volwasse en intelligente idees<br>• Organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – is knap en samehangend | • Goed saamgestelde respons<br>• Toepaslike en interessante idees<br>• Organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – is goed en samehangend | • Bevredigende respons, maar soms is daar mistastings<br>• Idees is redelik oortuigend en redelik samehangend<br>• Is in 'n mate bewus van organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – en samehang | • Grootliks ontoepaslike respons<br>• Idees is onsamehangend en verwarrend<br>• Weinig bewyse van organisasie – inleiding, liggaam en samevatting/slot – en samehang | • Idees is ontoepaslik en nie geskik nie<br>• Geen respons op teks<br>• Ongefokus en verwarrend |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br>• Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir die doel/effek en konteks<br>• Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling<br><br>**15 PUNTE** | **HOË SUB-KATEGORIE** | 14–15 | 11–12 | 8–9 | 5–6 | 0–3 |
| | | • Toon, register, styl en woordeskat is hoogs gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is uitsonderlik, treffend en met selfvertroue<br>• Toon is pakkend; retories effektief<br>• Grammatika en spelling is feitlik foutvry<br>• Samestelling is baie knap | • Toon, register, styl en woordeskat is baie gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is effektief<br>• Toon is gepas, konstant; retories effektief<br>• Grammatika en spelling is feitlik foutvry<br>• Samestelling is knap | • Toon, register, styl en woordeskat is gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is gepas en dra betekenis oor<br>• Toon is gepas; retoriese middels versterk die betekenis<br>• Foute in grammatika en spelling<br>• Samestelling is redelik/goed | • Toon, register, styl en woordeskat is nie gepas vir die doel, gehoor en konteks nie<br>• Taalgebruik is basies<br>• Toon en taalgebruik is ontoepaslik<br>• Woordeskat is beperk | • Taal is onverstaanbaar<br>• Toon, register, styl en woordeskat is nie gepas vir die doel, gehoor en konteks nie<br>• Woordeskat is so beperk dat dit moeilik is om die opstel se inhoud te verstaan |

| | | 13 | 10 | 7 | 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | LAE SUB-KATEGORIE | • Toon, register, styl en woordeskat is uitstekend gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is treffend en met selfvertroue<br>• Toon is pakkend; retories effektief<br>• Grammatika en spelling is feitlik foutvry<br>• Samestelling is baie knap | • Toon, register, styl en woordeskat is baie gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is effektief<br>• Toon is gepas; retories effektief<br>• Grammatika en spelling is feitlik foutvry<br>• Samestelling is knap | • Toon, register, styl en woordeskat is gepas vir die doel, gehoor en konteks<br>• Taalgebruik is gepas; soms onkonsekwent<br>• Toon is gepas; beperkte gebruik van retoriese middels | • Toon, register, styl en woordeskat is nie gepas vir die doel, gehoor en konteks nie<br>• Taalgebruik is basies<br>• Weinig of geen sinsverskeidenheid<br>• Woordeskat is beperk | |
| **STRUKTUUR**<br><br>• Kenmerke van teks<br>• Paragraaf-ontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>**5 PUNTE** | | 5 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | | • Uitstaande ontwikkeling van onderwerp<br>• Uitsonderlike besonderhede<br>• Samestelling van sinne en paragrawe uitstaande | • Logiese ontwikkeling van besonderhede<br>• Samehangend<br>• Sinne en paragrawe is logies en verskillend | • Toepaslike idees is ontwikkel<br>• Sinne en paragrawe is ontwikkel<br>• Opstel is verstaanbaar | • Sommige geldige idees<br>• Sinne en paragrawe het foute<br>• Opstel maak tog sin t.o.v. baie foute | • Nodige idees ontbreek<br>• Sinne en paragrawe wemel van die foute<br>• Opstel maak nie sin nie |

[Bron: Oos-Kaap Onderwysdepartement, November 2016]